

HOOFSTUK 1

1.0.0. INLEIDING

L.D. Raditladi, die digter maak op 'n besondere manier van beeld=spraak gebruik om 'n bepaalde boodskap in sy bundel 'SEFALANA SA MENATE' oor te dra. In hierdie oordrag word woorde wat skynbaar onverenigbaar is, gebruik om beeldspraak mee te vorm. Hulle word met behulp van 'n parallelisme verbind. Die beeld wat deur die digter voor die geestes=oog opgeroep word, moet dieselfde waarde vir hom as sender en die ontvanger hê. Die probleem by die vorming van beeldspraak is tweeledig: dit kan so implisiet wees dat die ontvanger dit nie kan interpreteer nie, of dit kan so eksplisiet wees dat dit nie beeldspraak is nie. Die sender moet tussen hierdie twee pole beweeg om goeie beeldspraak te kry. In die proses maak hy gebruik van die kognitiewe, konatiewe en affektiewe vermoëns van die mens om sy boodskap oor te dra. Dit bring mee dat die uiting 'n meer dimensionele semantiese waarde kry. Om beeldspraak in dié digbundel te bestudeer, sal daar deeglik rekenskap gegee moet word van hierdie semantiese waardes. In beeldspraak val die klem op die a-normale, buitengewone disjunkte en a-junkte woordgebruik. Die beeldspraak in die gedigte sal geïdentifiseer moet word en dan bespreek word in sintaktiese en semantiese verband. Om dit te kan doen, bring mee dat daar aan die volgende sake aandag gegee moet word:

i. Die begrip BEELDSPRAAK

Omdat beeldspraak deur die eeue deur filosowe, linguïste en literatore bestudeer is, is dit nodig om die term te omlin. Gräbe (1979:1-2) het gesê dat beeldspraak slegs verstaan kan word as dit volgens 'n bepaalde benaderingswyse bestudeer word. Omdat elke benaderingswyse 'n bepaalde vertrekpunt het, sal die definisies en beskrywing van mekaar verskil. Daar is ruweg drie benaderings=wyses: naamlik die tradisionele, strukturele en transformasionele generatiewe. Omdat daar in bogenoemde benaderingswyses sekere gebreke is, word 'n semantiese benaderingswyse bygevoeg. Na deeglike bespreking en evaluering van die verskillende benaderings=wyses gaan daar 'n raamwerk aangebied word waaraan al die beeld=spraak in al die gedigte in die digbundel getoets en bespreek word.

ii. Vertaling

Die vertaling van die gedigte en die beeldspraak wat daarin voorkom lewer ernstige probleme, omdat Setswana en Afrikaans nie altyd absolute sinonieme het nie. Die meer dimensionele

semantiese aard van beeldspraak bemoeilik die vertaling daarvan verder.

- iii. Die funksies wat die beeldspraak in die gedigte en die bundel vervul.

Die funksies wat die beeldspraak vervul, is 'n belangrike sleutel tot die interpretasie van elke vorm daarvan binne elke gedig en die bundel as geheel. Die funksies wat dit vervul moet só gesistematiseer word dat dit volledig is, maar dat dit nie te veel onderafdelings bevat nie.

- iv. Aanbiedingswyse

Die verskillende wyses waarop die beeldspraak in al die gedigte geselekteer, gesistematiseer en aangebied word, is 'n probleem. Daar moet 'n manier gevind word waarop die geïdentifiseerde beeldspraak so kort en duidelik moontlik aangetoon kan word. Hierdie aanbieding moet egter so volledig wees, dat al die relevante gegewens maklik verkry kan word. Die werkverdeling moet ook 'n bydraelewer tot die sistematisering van die beeldspraak. Die werkverdeling moet verder 'n bydrae lewer tot die eenheid van die studie.

1.1.0. DIE VERSKILLENDEN BENADERINGSWYSES

1.1.1. DIE TRADISIONELE BENADERINGSWYSE

1.1.1.1. Algemene oorsig

Odendal et al. (1979:71) sê dat beeldspraak 'n taaluiting van 'n kunstenaar is. Die kunstenaar gebruik konkrete beelde om sy gedagtes oor te dra. Hy sê dat beeldspraak ook figuurlike taalgebruik genoem kan word. Die metafoor en personifikasie is vir hom vorme van beeldspraak. Die metafoor is oordragtelike, figuurlike uitdrukking wat op 'n figuurlike ooreenkoms of vergelyking berus. Volgens hom word die beeld in die plek van die eintlike voorstelling geplaas. Daar moet 'n ooreenkoms tussen die voorwerpe wees wat vergelyk word, sodanig dat die beeld daardie ooreenkoms kan toelig (ibid:595). Die vergelyking is 'n stylfiguur waarby twee dinge met mekaar vergelyk word (ibid:1243). Personifikasie is 'n stylfiguur waarin 'n ding of begrip as 'n persoon voorgestel word (ibid:832).

In die lig van bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat Odendal die terme ten opsigte van mekaar definieer.

Grové (1963:100) sê dat 'n vergelyking ontstaan wanneer 'n spreker of skrywer twee sake wat van mekaar verskil op grond van 'n enkele ooreenkoms met mekaar gelyk stel. Hy beskou die Homeriese vergelyking as 'n subvorm van die vergelyking. Die metafoor word soms 'n beknopte vergelyking genoem (ibid:58).

Hoewel dit nie bogenoemde persone se mikpunt was om beeldspraak te beskryf nie, is die definisies wat hulle versamel het, vaag en dubbelsinnig. Hulle wou slegs sê wat beeldspraak is.

Van Staden (1980:12-58) het die terme wat gebruik is om beeldspraak volgens die tradisionele benaderingswyse te beskryf, ondersoek.

Omdat die begrip BEELDSPRAAK nie behoorlik gedefinieer is nie, bestaan daar 'n onhanteerbare aantal subvorme. Nadat al die sogenaamde vorme van beeldspraak ondersoek is, is bevind dat daar slegs twee vorme van beeldspraak is, naamlik die VERGELYKING en METAFООR.

Moloto (1971) en Malope (1977) het aannames oor wat beeldspraak is, gemaak en daarop voortgebou in Setswana. Dit was nie hul mikpunt om beeldspraak as sulks te bestudeer nie. Swanepoel (1977) het definisies oor die term BEELDSPRAAK versamel. In die klasgids het hy aangeneem dat sekere verskynsels beeldspraak is. Hy het die definisies wat hy versamel het, met enkele Setswana voorbeelde toegelig.

1.1.1.2. Waardering

Omdat die terme BEELDSPRAAK, VERGELYKING en METAFООR swak gedefinieer is, is verskynsels wat nie beeldspraak is nie as sulks gedefinieer. Hierdie verwysingsraamwerk het geen probleem in verband met beeldspraak opgelos nie. Literatoure het na 'n nuwe benaderingswyse gesoek. Richard (1936) het na aanleiding van die strukturele taalkunde begin om beeldspraak volgens die strukturele benaderingswyse te bespreek.

1.1.2. DIE STRUKTURELE BENADERINGSWYSF

Literatoure het Richard (1936) se taalkundige en letterkundige beskouing geneem en dit op beeldspraak toegepas. In die strukturele benadering is die onhanteerbare hoeveelheid vorme van beeldspraak verminder tot twee; naamlik die VERGELYKING en METAFOR en word terme van die strukturele taalkunde gebruik om dit mee te bespreek.

1.1.2.1. Algemene oorsig

A. DIE VERGELYKING

Darian (1973:48-57) gebruik hierdie aanhaling om 'n vergelyking te omskryf "the airconditioner (X) at the window soft (X,) like (Y) the hum of men in prair (Z)."

Hy omskryf die terme X, X,, Y en Z so:

X is die primêre term "airconditioner"

X, is die mediator wat die figuurlike parallelisme stig "soft"

Y is die komparatief wat die parallelisme aandui "like"

Z is die sekondêre term wat die figuurlike parallelisme met die primêre term vorm "prair".

Hy stel 'n paradigma op om die woordsoorte wat by die vorming van die vergelyking betrokke is, aan te toon.

Van Staden (1980:59) sluit by Darian aan en beskryf die vergelyking in Setswana met behulp van hierdie uiteensetting.

VOORBEELD MET VERTALING

"Monna ke nku o lelêla têng."

'n Man is 'n skaap, hy huil na binne.

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord "monna".

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord "nku".

3. Komparatief

Die komparatief is die kopulatiewe werkwoord "ke".

4. Mediatorgroep

Die mediatorgroep wat die figuurlike parallelisme stig, is die werkwoordgroep "o lelêla têng." Die mediator is die werkwoord "o lelêla", terwyl die lokatiewe voornaamwoord "têng" die deskriptief is.

5. Skematiese voorstelling

Monna	ke	nku
primêre term	komparatief	sekondêre term
Q lelêla	teng	
mediator	deskriptief	(ibid:132)

Hy het bevind dat die primêre term konjunktief en die sekondêre term disjunktief gebruik is. Die mediator en komparatief help om 'n eksplisiete, figuurlike parallelisme tussen die primêre en sekondêre terme te stig (ibid:10).

Nadat hy die vergelyking in Setswana bestudeer het, het hy die volgende raamwerk opgestel om die struktuur van die vergelyking te beskryf.

Woorde en groepe wat as primêre term kan optree:

naamwoorde
 naamwoordgroep
 voornaamwoord
 voornaamwoordgroep

Woorde en groepe wat as sekondêre term kan optree :

naamwoord
 naamwoordgroep
 voornaamwoord
 voornaamwoordgroep

Woorde en groepe wat as mediator kan optree :

werkwoord
 werkwoordgroep
 adjektiefrelatiewe groep
 werkwoordrelatiewe groep
 definiërende kopulatiewe betrekkingwoordgroep
 definiërende, kopulatiewe relatiewe groep

Woorde wat as komparatiewe kan optree :

jaaka
 ka
 le
 ke (ibid:168:169)

Van die latere strukturaliste was Darian (1973:48-57) die enigste wat die vergelyking as 'n subvorm van beeldspraak beskou het.

B. METAFOOR

Na aanleiding van Richard (1936) se siening van die strukturele taalkunde en die strukturele benadering tot die studie van letterkunde word vir die metafoor 'n tenor en vehicle onderskei. Gräbe (1979:11-33) bespreek dit so:

The Poor	are the Negroes	of Europe
tenor	vehicle	genitief

Die genitief gee 'n verdere omskrywing van die vehicle. Nadat sy die metafore bestudeer het, kom sy tot die gevolgtrekking dat metafore naamwoorde, werkwoorde, adjektiewe en voornaamwoorde kan wees.

Die tenor is die letterlike en die vehicle die figuurlike been van die beeldspraak.

Van Staden (1980:149) het hierdie indelingsraamwerk geneem en dit op Setswana toegepas. Hy bespreek die metafoor aan die hand van die volgende skema:

VOORBEELD MET VERTALING

"A bua dipuô tsê di sôkameng."

Letterlike vertaling: Hy praat toe woorde wat skeef staan.

Vrye vertaling: Hy vertel leuens.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord "dipuô".

2. Vehicle

Die vehicle is die werkwoordrelatiewe groep "tsê di sôkameng."

3. Skematiese voorstelling

Dipuô	tsê di sôkameng
tenor	vehicle

Hy het bevind dat die tenor altyd konjunktief en die vehicle/vehiclegroep altyd disjunktief gebruik is. Die parallelisme in 'n metafoor is ook altyd verskuil. Hoewel die tenor dikwels verskuil is, kan dit maklik afgelei word. Nadat die metafoor bestudeer is, het hy bevind dat die volgende woorde en groepe as tenors en vehicles kan optree.

TENOR

naamwoord

werkwoord

voornaamwoord

Geen woordgroep kan as tenor optree nie.

VEHICLE/VEHICLEGROEP

naamwoord

werkwoord

naamwoordgroep

werkwoordgroep

relatiewe groep

Die vehicle kan enige woord of woordgroep wees (ibid:169).

Uit bogenoemde uiteensetting kan afgelei word dat bywoorde, ideofone en tussenwerpsels nie as die vehicle geïdentifiseer is nie. Dit is onwaarskynlik dat die laaste twee as metafore gebruik sal word, daarom word die eerste een by die relatiewe groepe geplaas in die studie.

Omdat die verband tussen die tenor en vehicle verskuil is, kan dit beskryf word as 'n implisiete figuurlike parallelisme tussen een woord wat konjunktief en 'n ander woord/woordgroep wat disjunktief gebruik is.

1.1.2.2. Waardering

In die strukturele taalkunde word woorde, woordgroepe en sinne as taalsimbole bestudeer. Dit bring mee dat 'n uiting ten opsigte van sy vorm en semantiese waarde bestudeer word; in die strukturele benaderingswyse van beeldspraak daarenteë, het die semantiese aspek agterweë gebly. Hierdeur het die studie van beeldspraak ontaard in 'n blote identifisering van die vormlike aspekte daarvan, terwyl die semantiese kenmerke wat die wesenlike deel van beeldspraak is, agterweë gebly het. Die onderskeid tussen die metafoor en vergelyking is kunsmatig, omdat dit moeilik is om te bepaal of die parallel tussen die twee eenhede implisiet of eksplisiet is. 'n Parallel tussen twee eenhede wat heeltemal eksplisiet is, kan nie beeldspraak stig nie, omdat dit die disjunkte gebruik van woorde heeltemal uitskakel. Hoewel die terme BEELDSPRAAK, VERGELYKING en METAFOOR duidelik gedefinieer is, beskryf die strukturele benaderingswyse nie die

semantiese afwyking wat tot beeldspraak lei nie, omdat die struktuur van beeldspraak en nie-beeldspraak, nie verskil nie. Hoewel beeld=spraak disjunkte taalgebruik is, word die afwykings nie aangetoon nie.

Beeldspraak word as 'n figuurlike parallelisme gedefinieer, maar die parallelisme word nie aangetoon nie. Beeldspraak is dus op grond van ander eienskappe geïdentifiseer, as dié wat in die beskrywing gebruik is.

Toe Chomsky (1965) begin het met sy transformasionele generatiewe grammatika (TGG) het dit spoedig 'n neerslag in die studie van die letterkunde gevind.

1.1.3. DIE TRANSFORMASIONELE GENERATIEWE BENADERING TG



Voordat daar na die beeldspraak volgens die TG gekyk kan word, moet hier eers 'n kort uiteensetting van die TGG gegee word.

1.1.3.1. Die Transformasionele Generatiewe Grammatika TGG

Omdat die TGG op die periferie van die studieveld lê, word daar slegs op die volgende aspekte wat belangrik is vir die beskrywing van beeldspraak gelet. Hier sal veral op die werke van Chomsky (1965), Fodor en Katz (1964) en Verkuyl et al (1974) geleun word. Die volgende aspekte word gebruik:

A. Kategoriale reëls

Elke leksikale item is aan sekere kategoriale reëls onderworpe. Elke leksikale item staan in 'n bepaalde verhouding tot ander leksikale items. Hierdie verhouding waarin dit staan, word die kategoriale eienskappe genoem.



In Setswana is daar drie woordstukke naamlik:

VP	werkwoordstuk
NP	naamwoordstuk
BP	betrekkingswoordstuk

B. Subkategorisasiereëls

Die verskillende leksikale items verbind met naamwoorde wat bepaalde subkategoriseringskenmerke het. Hierdie kenmerke bring mee dat leksikale items wat volgens die kategoriale reëls behoort te verbind, nie kan verbind nie.

Verkuyl et al (1974:98-103) noem die volgende matrys.

[₋konkreet] , [₋lewend] , [₊menslik] , [₊stoflik] ,
[₊ ding] en [₊versameling] .

Hy lig dit toe met 'n aantal voorbeelde.

	wedstryd	kuns	nikkel	atleet	hond	stoel	volk
konkreet	-	-	+	+	+	+	+
temporeel	+	-	-	-	-	-	-
stoflik	-	-	-	-	-	-	-
voorwerp	-	-	-	+	+	+	-
versameling	-	-	-	-	-	-	+
lewend	-	-	-	+	+	-	-
menslik	-	-	-	+	-	-	+
dierlik	-	-	-	-	+	-	-
ding	-	-	-	-	-	+	-

(ibid:102)

Vir Setswana kan [₊ lokatief] bygevoeg word omdat daardeur aan 'n naamwoord bepaalde valensionele kenmerke toegevoeg word. As bogenoemde reëls op die naamwoorde in die twee Setswana voorbeelde (in A hierbo) toegepas word, lewer dit die volgende op.

"Monna o gama kgomo.

Sefalana sa menate."

	monna	kgomo	sefalana	menate
konkreet	+	+	+	-
temporeel	-	-	-	+
stoflik	+	+	+	-
voorwerp	+	+	+	-
versameling	-	-	-	-
lewend	+	+	-	-
menslik	+	-	-	-
dierlik	-	+	-	-
ding	-	-	+	-
goddelik	-	-	-	-
lokatief	-	-	-	-

2. Streng subkategorisering

Die omgewing waarin die leksikale items voorkom, bring mee dat streng subkategorisering reeds toegepas word. Dit word gebruik om die werkwoord as oorganklik of onoorganklik uit te wys.

oorganklik [+ Art]

onoorganklik [- Art]

C. Seleksiereëls

Leksikale items verbind verder met mekaar op grond van sekere ooreenstemmende kenmerke.

Die werkwoord blaf kombineer met 'n naamwoord onder andere wat [+konkreet], [+lewend] en [+dierlik] is.

Die sin: Die hond blaf (Ntšwa e a bogola) maak sin, maar "Die stoel blaf" (Setulo se a bogola) maak nie sin nie, omdat dit nie aan die sintaktiese seleksiereëls (soos hierbo uiteengesit), voldoen nie.

In die lig van die voorbeeld in A, B en C hierbo is dit duidelik dat daar in sommige gevalle nog fyner onderskeiding in die matrys nodig is. Waar dit in sekere gevalle nodig is, kan eienskappe soos [+manlik], [+vroulik], [+kleur] en [+smaak] bygevoeg word om die subkategorisering verder te voer.

1.1.3.2. Beeldspraak volgens die TG

A. Algemene oorsig

Volgens die TG berus beeldspraak op 'n reëloorskryding binne die TGG. Die volgende Setswana voorbeeld lig dit toe:

"Ditau ga di adimane meno"

Letterlike vertaling: Leeus leen nie vir mekaar tande nie.

Vrye vertaling: Mense van dieselfde beroep help nie mekaar nie Van Staden (1980:47).

Die naamwoord "ditau" is [-menslik] en [+dierlik], terwyl die werkwoord "go adima" met 'n naamwoord as agent verbind wat [+menslik] en [-dierlik] is.

Hieruit kan afgelei word dat bogenoemde voorbeeld beeldspraak is en dat die reëloorskryding daarin geleë is dat 'n dier 'n menslike handeling uitvoer.

B. Waardering

Die sintaktiese reëloorskryding binne die TGG word duidelik aangedui. Hoewel Fodor en Katz (1964) in hulle boek aandag gegee het aan semantiese merkers, het die semantiek as sodanig agterweë gebly.

Die figuurlike parallelisme wat die beeldspraak stig word nie aangedui nie. Dit bring mee dat daar na 'n semantiese benadering gekyk moet word.

1.1.4. SEMANTIESE BENADERING

1.1.4.1. Algemene Oorsig

Hoewel die generatiewe semantiek (GS) soos dit onder andere deur Chafe (1971) beskryf is, doodgeloop het, lewer die semantiek 'n bydrae tot identifikasie en verklaring van beeldspraak. Die generatiewe semantiek het aansluiting gevind by die basis en transformasionele komponente soos dit deur Chomsky (1965) beskryf is. Die ondersteuners van die generatiewe semantiek het gesê dat sintaktiese elemente ondergeskik aan die semantiese is. Met die generatiewe semantiek het Chafe en andere probeer om die TGG van 'n semantiese element te voorsien. Sy teorie het veral misluk omdat dit nie 'n strukturele basis bevat het nie (Verkuyl (1974:206-247)). Om die semantiese waarde van beeldspraak uit te lig word hier van literatoure, sielkundiges, opvoedkundiges en linguïste se uitsprake gebruik gemaak. Hierdie uitsprake word later saamgevat om die studie van beeldspraak in 'SEFALANA SA MENATE' van 'n sintaktiese sowel as 'n semantiese basis te voorsien.

Olson (1977:271) sê dat 'n sin 'n blote indikasie gee van die skrywer/spreker se bedoeling. Die inhoud van die sin moet dus deur die hoorder/leser geïnterpreteer word. Daar moet dus 'n verband gesoek word tussen die woorde en die betekenis.

Die verband tussen klank- en betekenisstruktuur van taal lê vir Chafe (1971:19) primêr opgesluit in simbolisering wat dui op die verandering wat iets uit die wêreld van die idees of begrippe ondergaan, sodat die gaping tussen die sender en ontvanger oorbrug kan word. Hy gee die voorbeeld van 'n fluit wat om twaalfuur middag blaas. Die blaas van die fluit sou dan simboliseer dat dit twaalfuur is.

Hoewel die begripswêreld voortdurend uitbrei, is die taal altyd in staat om die onbeperkte aantal begrippe met 'n beperkte aantal woorde en klanke uit te druk.

Verder voorsien die taalvermoë maniere om die semantiese strukture, wat soos begrippe hiërargies opgebou is, in klanke om te stel.

Chafe (1971:25) onderskei twee stappe naamlik:

- i. liniëring waardeur die semantiese strukture gerangskik word om 'n eendimensionele vlak te vorm; en
- ii. simbolisering waardeur elke gelinieerde begripstruktuur (conceptual unit) omskep word in 'n arbitrêre struktuur wat uit simboliese eenhede bestaan.

Chafe (1971:74) beskou die begripstruktuur as die dieptestruktuur en die oppervlaktestruktuur as die waarneembare taaluiting.

Frey (1979:76) sê die generatiewe semantiek sien die sin nie eksklusief as 'n rangskikking van taalstrukture nie, maar as uitdrukking of stellings wat verband hou met die intensie van die taalgebruiker. 'n Uitdrukking of stelling kan nou in sy basiskomponent ontleed word in terme van die saakverhouding tussen die verskillende selfstandige naamwoorde in die sin en die werkwoorde.

BASISKOMPONENT (b)

SAAKVERHOUDING

agent a
objek o
lokatief l
tyd t
wyse m
instrument i

In "Sekgele sa rona se fofêla marung" (Ons vlag vlieg na die wolke) word geïmpliseer dat "sekgele" die agent (a) van die diepte struktuur is en dat "mongwe o nê a fofisa sekgele" iemand die vlag laat vlieg het. Veronderstelling en implikasie tree ook in 'n omvangryker kontekstuele verband op en kan so uiteengesit word:

- i. die sender gaan in die formulering van sy boodskap uit van die veronderstelling dat die leser die inhoud en omvang van die begrippe wat hy gebruik ken en verstaan; dat hulle dit as gevolg van gesamentlike besit in die begripstrukture deel (Frey 1979:77-78);
- ii. in die interpretasie van die taaluiting deur die leser of hoorder, moet rekening genou word met die implikasie wat hy aan die begrippe heg ooreenkomstig sy besondere opvatting van begrippe in sy bepaalde begripstruktuur;
- iii. die betekenis van 'n sin lê dus opgesluit in die bestaande begripstruktuur, kontekstuele gegewens en buitetaalse gegewens.

Hierdie faktore kan die sintaktiese seleksie eienskappe van 'n bepaalde uiting so verander dat dit 'n reëloorskryding binne die TGG bevat.

Beeldspraak is volgens die TG 'n reëloorskryding. In die lig van die eienskappe van leksikale items ontstaan sinne en sinstukke op grond van die sintaktiese en semantiese eienskappe van die bepaalde leksikale items. Hieruit vloei voort dat beeldspraak ontstaan op grond van bogenoemde leksikale eienskappe.

Nie alle beeldspraak ontstaan op grond van die oorskryding van die sintaktiese seleksiereëls nie, soos die volgende voorbeeld duidelik aantoon:

"Morena ke modisi wa me"

(Meneer is my veewagter)

"Morena" kan op grond van die konteks waarin dit voorkom na die volgende verwys: heerser, meneer (iemand van hoë afkoms), die Here.

"Modisi" kan na 'n veewagter, regeerder of leier verwys.

	MORENA			MODISI	
	heerser	meneer	Here	veewagter	regeerder
konkreet	+	+	+	+	+
temporeel	-	-	-	-	-
stoflik	+	+	-	+	+
voorwerp	+	+	-	+	-
versameling	-	-	-	-	-
lewend	+	+	+	+	+
menslik	+	+	-	+	+
dierlik	-	-	-	-	-
ding	-	-	-	-	-
lokatief	-	-	-	-	-
goddelik	-	-	+	-	-

"Morena" is 'n deverbatief wat van die werkwoord "go rena"

(om te heers) afgelei is.

Dit is dus onmoontlik om uit bogenoemde matrys vas te stel of die uiting beeldspraak is of nie.

Net so is "modisi" 'n deverbatief in die mensklas. Die werkwoord "go disa" (om op te pas) gee ook nie 'n oplossing vir die probleem van beeldspraak nie.

"Morena ke modisi wa me" kan nie op grond van sy sintaktiese eienskappe as beeldspraak geïdentifiseer word nie, omdat dit dan verwys na 'n ryk man wat 'n gesiene persoon aangestel het as sy hoof veewagter. Uit bogenoemde voorbeeld moenie afgelei word dat daar geen oorskryding van sintaktiese beperkingsreëls in beeld=spraak is nie. In die volgende voorbeeld word die beeldspraak juis gevorm op grond van die oorskryding van die sintaktiese seleksie=reëls:

"Morafe ke bojang."

(Die volk is gras.)

	MORAFE	BOJANG
konkreet	+	+
temporeel	-	-
stoflik	+	+
voorwerp	-	+
versameling	+	-
lewend	+	+
menslik	+	-
dierlik	-	-
ding	-	+
plantaardig	-	+
lokatief	-	-
goddelik	-	-

In die voorafgaande uiteensetting het die probleem van betekenis in die taal sterk op die voorgrond getree. Die verskil tussen die benaderings van Chomsky en Chafe lê opgesluit in die verskil in uitgangspunt ten opsigte van die lokaliteit van betekenis (Frey 1979:80).

- i. Chomsky beklemtoon in sy benadering die welgevormdheid van die sinne soos bepaal deur die basiskomponent en waarvan die begrippe en effektiwiteit (byvoorbeeld doel en konteks) irrelevant is.
- ii. Chafe sluit aan by Chomsky, maar stel die semantiese struktuur van taal voorop as kriterium waaronder die welgevormdheid van die sin bepaal word en waarin beide die bedoeling van die sender en die interpretasie van die leser/hoorder betrokke is en die betekenis beïnvloed word deur die kontekstuele en buitetaalse gegewens. Betekenis is die sin wat 'n begrip vir 'n bepaalde individu het.


Dit is duidelik dat betekenis 'n heel individuele saak is, waarby twee faktore 'n rol speel, naamlik die logiese en die psigologiese. Op grond van die logiese betekenis (wat net afhanklik is van die aard van die materiaal) is dit moeilik om te sê of "Morena ke modisi wa me" beeldspraak is of nie. Dit is noodsaaklik om die volle

betekenisveld van al die woorde te bestudeer.

In die betekenisveld van "morena" en "modisi" is die moontlikheid opgesluit dat hierdie uiting beeldspraak kan wees, maar daar is te min gegewens om hierdie vermoede te bevestig of te verwerp.

Op grond van die kognitiewe ervaringsveld van die aanbieder en die ontvanger kan bepaal word of 'n uiting beeldspraak is of nie. Hierdie psigologiese betekenis sluit dus die konteks en die situasie waarin die taaluiting gebruik word in.

Skematies kan dit só voorgestel word:



Sinne word nie in isolasie gebruik nie, maar in samehang met ander. Hierdie samehang van gegewens beïnvloed die begripstruktuur van 'n bepaalde uiting. Dit veronderstel dat die sender en ontvanger bepaalde inligting behou. Dit impliseer dat beeldspraak nie in afsondering nie, maar in sy breë taalkundige verband bespreek moet word. Die konteks van 'n taaluiting is dit wat voor en na 'n bepaalde uiting gesê word (Olson 1977:289).

Op grond van die kontekstuele gegewens kan bepaal word dat "Morafe ke bojang", "Jesaya 40:7", en "Morena ke modisi wa me", "Ps. 23", beeldspraak is.

Die buitetaalse gegewens (Olson 1977:259) kom na vore in die voorbeeld "Morena ke modisi wa me". Hier word geïmpliceer dat die vee en die wagter aan die sender en ontvanger bekend is. In "Morafe ke bojang" moet albei weer die opkoms en verval van volkere en gras ken. Die gevaar bestaan wel dat dinge in die gedig ingelees kan word, daarom moet die buitetaalse gegewens nie buite die konteks van die totale uiting gesien word nie. Sonder die buitetaalse gegewens kan uitinge soos "go bolaya naga" en "setlhako se nê se tlola molelô" nie geïnterpreteer word nie.

Elke taaluiting word in 'n bepaalde situasie (Olson 1977:259) gebruik.

As die leser weet dat "Morena ke modisi wa me" uit Psalm 23 kom, kan hy die uiting interpreteer. Hy moet weet dat Dawid 'n gelowige was. Hy moet ook weet dat Dawid eers 'n skaapwagter en later koning was. As die leser besef dat Dawid hom met die skape identifiseer, sal hy dadelik die beeldspraak verstaan. Uit die konteks is dit duidelik dat die uiting in 'n gevoel van afhanklikheid aan God gebore is. Matthews en Ver Eeche (1971:34-53) sê dat sintaktiese seleksiebeperkingsreëls soms oorskry word om semi-grammatikale sinne te vorm. Hy sê dat hierdie semi-grammatikale sinne metafore is.

Reddy (1969:240-250) stem in 'n mate met Matthews saam, maar stel dit dat die situasionele konteks dikwels ook aanleiding daartoe gee dat 'n bepaalde uiting 'n metafoor kan wees. Hy haal "The rock is becoming brittle with age" aan om dit te bewys.

In die lig van bogenoemde kan afgelei word dat die konteks, situasie en buitetaalse gegewens die betekenisveld van 'n woord so kan verander dat 'n uiting wat skynbaar geen sintaktiese reëloorskryding binne die TGG het nie, wel beeldspraak kan wees. Die betekenis en sintaktiese seleksiereëls verwys dus na dieselfde saak, omdat een woord met al sy betekenisonderskeidings met 'n ander woord verbind op grond van sy semantiese en sintaktiese valensie.

Elke woord, woordgroep of sin het sy eie begripstruktuur. Chafe (1971:74) sê die begripstruktuur van 'n taaluiting kan omskryf word as 'n idee of voorstelling wat 'n mens van 'n bepaalde objek of situasie in sy gees vorm. In die geval van die geskrewe woord, word die geskrewe woord geëmansipeer. Die emansipasie van die gedrukte woord berus op die mens se kognitiewe, affektiewe en konatiewe vermoëns. Die kognitiewe vermoë van die mens het te doen met sy verstandelike vermoë wat die herkenning van begrippe en die bepaling van die verwantskap tussen die bestaande begripstruktuur en die begrip soos dit in 'n bepaalde konteks voorkom behou. Die behoud van die begripstruktuur word die geheue genoem. Die verwantskap tussen begrippe kan in 'n bepaalde situasie bepaal word. Hierdie bepaling van verwantskap word, saam met die toepassing van die aangeleerde begrippe in 'n nuwe situasie, insig genoem. Insig en geheue gaan hand-aan-hand met interpretasie.

Die affektiewe vermoë van die mens het te doen met sy emosie.

Die konatiewe vermoë van die mens het te doen met sy strewingslewe.

Die kognitiewe, affektiewe en konatiewe vermoëns van die mens kan slegs onderskei word; dit kan nooit van mekaar geskei word nie.

"The rock is becoming brittle with age".

In 'n geologiese geselskap, is hierdie sin nie beeldspraak nie, omdat daar geen oorskryding van sintaktiese seleksiebeperkingsreëls is nie. Hierdie uiting sou in 'n akademiese geselskap wel 'n metafoor wees, omdat daar dan na 'n geleerde verwys word.

"The ROCK is becoming BRITTLE with age."

fokus

fokus

In 'n geologiese geselskap is ROCK [-menslik] , [-lewend] en [+ding] , maar as dit na 'n professor verwys, is dit [+menslik] , [+lewend] en [-ding] .

Die beeldspraak word deur 'n gemeenskaplike semantiese merker

<(onkreukbaar)> gestig. Hierdie gemeenskaplike semantiese merker word die parallelisme genoem. Die gemeenskaplike semantiese merker word in hoekige hake om die ronde hake <()> aangetoon.

1.1.4.2. Waardering

Die suiwer semantiese uitgangspunt gee nie 'n volwaardige benadering vir die bestudering van beeldspraak nie, maar dit vorm 'n integrale deel van die wese van beeldspraak.

1.1.5. 'n BENADERINGSWYSE VIR HIERDIE STUDIE

Die tradisionele benaderingswyse het slegs terme geskep om beeldspraak te benoem. Die struktuur en semantiese waarde van die uitings wat as beeldspraak geklassifiseer is, is nie ontgin nie, daarom word die tradisionele benaderingswyse vir hierdie studie verwerp.

Die strukturele benaderingswyse het die taaluiting as taalsimbool bestudeer, dit wil sê ten opsigte van 'n vormlike en semantiese aspek, maar die semantiese aspek het in die studie van beeldspraak agterweë gebly. Hieruit het gevloei dat die parallelisme en die reëloorskryding, wat tot die disjunkte taalgebruik gelei het, nie raakgesien is nie.

Die transformasionele generatiewe benaderingswyse (TG) het met behulp van die streng kategoriseringsreëls daarin geslaag om die sintaktiese reëloorskryding binne die beeldspraak weer te gee, maar die parallelisme het steeds ontbreek.

Die semantiese benadering behoort 'n onderafdeling van die strukturele en transformasionele benaderingswyse te vorm. In hierdie studie sal die transformasionele generatiewe benaderingswyse en die strukturele benaderingswyse aanvullend gebruik word, terwyl die semantiese benadering 'n integrale deel van elk sal vorm. Op hierdie wyse sal die gebreke van elke benaderingswyse aangevul word deur die pluspunte van die ander.

Om dit te bewerkstellig sal al die redundante terme uitgeskakel moet word.

A. Funksionele raamwerk

Volgens die strukturele benadering bestaan beeldspraak uit vyf onderskeibare dele, naamlik:

- i. primêre term/tenor/raam;
- ii. mediator;
- iii. komparatief;
- iv. vehicle/sekondêre term/fokus (konjunktief) en
- v. vehicle/sekondêre term/fokus (disjunktief).

Daar bestaan so baie terme omdat elke benaderingswyse sy eie terme geskep en gedefinieer het. Elke navorser het sodoende 'n stuk van die werklikheid bestudeer, terwyl die res agterweë gelaat is.

Die strukturele benaderingswyse onderskei tussen die vergelyking en metafoor. Die volgende voorbeeldreeks illustreer dat hierdie 'n kunsmatige onderskeid is.

Hy steel soos 'n jakkals.	vergelyking
Hy is soos 'n jakkals.	vergelyking
Hy is 'n jakkals.	metafoor
Piet, die jakkals, steel.	metafoor
Die jakkals steel.	metafoor
Hy het my gejakkals.	metafoor

Die terme metafoor, vergelyking en beeldspraak word ook deur verskeie literatoure verskillend gebruik. Hier volg 'n paar voorbeelde om bogenoemde stelling te illustreer:

Grové (1963:58) noem die metafoor 'n beknopte vergelyking, terwyl Brown (1966:22) alle vorme van beeldspraak onder die term metafoor insluit. Vestdijk (1956:170) sluit alle vorme van beeldspraak onder die term digterlike vergelyking in.

In hierdie studie sal daar voortaan nie na die terme metafoor en vergelykings verwys word nie, maar slegs na beeldspraak, omdat die onderskeid tussen die vergelyking en die metafoor kunsmatig is: die terme deurmekaar en verwarrend gebruik word; die term vergelyking nie in die TG voorkom nie; slegs Darian die term vergelyking in die strukturele benadering gebruik en die terme metafoor en vergelyking

geen hydrae lewer tot die interpretasie van beeldspraak nie.

Beeldspraak word op verskillende maniere beskryf:

Richard (1936) gebruik die terme tenor en vehicle om die metafore te beskryf.

Piet	is 'n jakkals.
tenor	vehicle

Piti	ke phokojwê.
tenor	vehicle

Black (1966) beskryf die metafoor met behulp van die terme raam en fokus.

Piet is 'n	jakkals.
raam	fokus

Piti ke	phokojwê
raam	fokus

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die terme raam en tenor nie sinonieme is nie. Raam is 'n wyer term as tenor, net so is vehicle wyer as fokus. Darian (1973:48-57) omskryf die vergelyking met behulp van die volgende terme.

Piet	steel	soos	'n jakkals
primêre term	mediator	komparatief	sekondêre term

Omdat die strukturele benadering die semantiese aspek van beeldspraak verwaarloos, is dit nodig om die TG en semantiese benadering ook te gebruik. Beeldspraak word volgens die TG omskryf as 'n oorskryding binne die TGG. Daar word dus aandag aan beide die sintaktiese en semantiese aspekte gegee.

Om die strukturele samestelling van beeldspraak behoorlik te beskryf, is dit nodig om die terme wat gebruik word, behoorlik te ontrafel. Die terme VEHICLE, FOKUS en SEKONDÊRE TERM verwys na min of meer dieselfde saak, maar daar is ook verskille. Omdat die onderskeid tussen die vergelyking en die metafoor nie in hierdie studie getref word nie, verval die term SEKONDÊRE TERM. Daar sal weer na Richard en Black se beskrywings gekyk word.

Piti	ke phokojwê	(Richard)
tenor	vehicle	

Piti ke	phokojwê	(Black)
raam	fokus	

Die term FOKUS is gekies omdat daar geen reëloorskryding van die TGG in die woord "ke" is nie. Die term TENOR word behou, maar dit word as 'n deel van die raam beskou. "Piti" is die tenor en "phokojwê" die fokus, terwyl "ke" die mediator ook 'n deel van die raam is.

Die volgende voorbeeld bewys dat die terme wat Darian, Richard en Black ingevoer het, aanvullend gebruik kan word.

Piti o utswa jaaka	phokojwê
raam	fokus

Die figuurlike parallelisme bestaan immers tussen "Piti" en "phokojwê". "Piti" word as die tenor beskryf. "O utswa" vorm die mediator en "jaaka" die komparatief. Die raam sluit dus die tenor, mediator, komparatief en alle semanties afhanklike woorde in die uiting in.

Die fokus is daardie deel van die uiting wat disjunktief gebruik word.

Die tenor is dié woord wat konjunktief gebruik word, maar daar bestaan 'n figuurlike parallelisme tussen die tenor en die fokus. Die tenor is die konjunktiewe been van die beeldspraak.

Die mediator is daardie woord of woordgroep wat die figuurlike parallelisme stig.

Die komparatief dui op die figuurlike parallelisme.

Hierdeur is slegs 'n gedeelte van die probleem opgelos:

ênê o	matlhô	mantsi	(Black)
raam	fokus	raam	

Letterlike vertaling: Hy is baie oë.

Vrye vertaling: Hy kyk rond.

ênê	o matlhô mantsi	(Richard)
tenor	vehicle	

Hierdie voorbeeld lewer 'n ernstige probleem, omdat "phantsi" 'n duidelike deel van die vehicle vorm.

Reddy (1969:240-250) het ook hierdie tendens opgemerk, daarom het hy dit sô probeer oplos:

"The ROCK is becoming	BRITTLE	with age."
fokus	fokus	

"Rock" verwys na 'n geliefde professor - dit is duidelik dat "brittle" nie los van "rock" gebruik kan word nie.

Gräbe (1979:11-33) het dit ook as 'n deel van die vehicle beskou, maar sy het nie 'n term daaraan gekoppel nie.

Om hierdie probleem op te los, is die term bolster ingevoer. 'n Bolster is volgens Odendal et al (1979:107) 'n peul, 'n skut omhulsel van graan, 'n peul of 'n matras.

In dié studie van beeldspraak is die bolster daardie woord of woordgroep wat met die fokus verbind. Die bolster versterk daardie semi-grammatikale verbinding wat daar tussen die tenor en fokus is. Beeldspraak word dan so beskryf met behulp van die terme raam, fokus en bolster:

ênê o	matlhô	mantsi
raam	fokus	bolster

Die raam bestaan dus uit die tenor (ênê) en die komparatief (o).

B. Strukturele raamwerk

Die struktuur waarin die beeldspraak voorkom, word met behulp van die terminologie wat in die strukturele taalkunde voorkom, beskryf. Dit sluit al die woordsoorte en woordgroepsoorte in:

naamwoord;
 naamwoordgroep;
 werkwoord;
 werkwoordgroep;
 betrekkingwoord;
 betrekkingwoordgroep;
 bywoorde;
 uitroepe;
 ideofone

Hierdie woorde en woordgroepe kan as die volgende gebruiksklasse gebruik word:

onderwerp;
 voorwerp;
 gesegde;
 antesedent;
 kwalifikatiewe bepaling;
 deskriptiewe bepaling;
 inleidende lid;
 komplement.

C. TG raamwerk

Binne die TGG genereer en druk die basisstruktuur die semantiese inhoud van die sin uit. Die basiskomponent word in die vorm van aanvaarbare herskryfreëls voorgestel. 'n Pyltjie dui aan dat die simbool links, regs herskryf moet word, byvoorbeeld:

"Monna yo o ja nama ya nku."

Hierdie man eet skaapvleis.

- i. Sin (S) $\longrightarrow$ naamwoordstuk (NP) + werkwoordstuk (VP).
- ii. Werkwoordstuk (VP) $\longrightarrow$ werkwoord (V) + naamwoordstuk (NP)
- iii. naamwoordstuk (NP) $\longrightarrow$ naamwoord (N) + voornaamwoord (PN).

Die semantiese komponente.

Hier word slegs ses leksikale items gebruik, te wete:

naamwoorde (N)	monna, nama, nku
werkwoord (V)	o ja
voornaamwoord (PN)	yo
betrekkingswoord (B)	ya

Deur die toepassing van hierdie sintaktiese herskryfreëls en die vervanging van die simbole deur die keuses uit die leksikale items, kom 'n sin soos volg tot stand:

- i. S $\longrightarrow$ NP+VP Monna yo o ja nama ya nku.
- ii. NP $\longrightarrow$ N+PN monna yo
 - VP $\longrightarrow$ V+NP o ja nama ya nku
 - NP $\longrightarrow$ N+B+N+ nama ya nku

Die saakverhoudings (Frey 1979:76) word uitgebrei om by die struktuur van Setswana aan te pas.

basiskomponent	b	saakverhouding
		agent a
		objek o
		lokatief l
		tyd t
		wyse m
		instrument i
		antesedent an
		kwalifikatiewe bepaling q

As die sintaktiese beskrywingsreëls, basis en saakverhoudings op die sin "Monna yo o ja nama ya nku" (Hierdie man eet skaapvleis) toegepas word, lyk dit so:

- S → NP+VP
 → N+PN+V+NP
 → N+PN+V+N+BP
 → N+PN+N+N+B+N
 → a+q+b+o+q

Aanvullend tot die sintaktiese beskrywingsreëls, basiskomponent en saakverhouding word die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG met behulp van die matrys vasgestel. Hierdeur word die beeldspraak geïdentifiseer.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimuli

'n Stimulus is 'n prikkel of aansporing wat die moontlikheid vir die ontstaan van beeldspraak skep. Die stimulus prikkel die sender om die verborge ooreenkoms wat daar tussen die tenor en fokus bestaan raak te sien.

Darian (1973:48-57) onderskei die volgende eksterne stimuli: sintuiglike beelde; gevoel- en geestestoestand; tyd en ruimte.

Van Staden (1980:155-159) het Darian se indeling net so oorge= neem en dit op Setswana van toepassing gemaak. Hoewel hy dit baie oppervlakkig gedoen het, moet dit as vertrekpunt gebruik word, omdat dit die enigste werk oor beeldspraak in Setswana is.

Die stimuli van beeldspraak word in hierdie studie verdeel in waarneming, emosie, handeling en eienskap.

i. Waarneming

Sintuiglike waarneming ontstaan deur die inwerking van 'n prikkel van buite deur 'n sintuig en lei tot 'n gewaar= wording. Die skakel tussen die mens en die buitewêreld word verskaf deur die sintuiglike proses. Die volgende sintuiglike waarnemings word onderskei: visie, gehoor, smaak, reuk, tas, drukking, temperatuurwisseling, beweging, gevoel van welsyn, balans en pyn (Barnard 1964:153-158).

Enige van hierdie waarnemings kan as stimulus vir die ontstaan van beeldspraak dien.

ii. Emosie

Emosie is aan die mens se gevoels- en geestestoestand ontleen en, sluit vrees, haat, jaloesie, angs, liefde, gevoel van vernedering, blydschap, gevoel van sekuriteit, frustrasie, begeertes en woede in (Barnard 1964:201-229). Emosie lei dikwels tot handeling. Hierdie handeling kan fisies of psigies wees. 'n Emosionele toestand waarin die sender verkeer, kan hom stimuleer om 'n verborge verband tussen die tenor en fokus raak te sien.

iii. Handeling

Handeling is 'n selfstandige daad of optrede. Handeling sluit alle fisiese en psigiese reaksies in. 'n Handeling kan ook waargeneem word, maar daar moet onderskei word tussen 'n waarneembare en 'n eie handeling.

iv. Eienskappe

Alle stimuli wat nie onder i, ii of iii tuishoort nie, word hier geklassifiseer. Dit sluit kleur, getal en ander soortgelyke eienskappe in.

2. Parallelisme

Die tenor en fokus verbind met mekaar op grond van die figuurlike parallelisme. Die parallelisme is die semantiese aspek wat die binding tussen die tenor en fokus moontlik maak. Hierdie parallelisme moet so wees dat die fokus deur die ontvanger geïnterpreteer kan word. Die parallelisme is dus in die betekenis van die raam en fokus geleë. Geen inligting kon oor hierdie aspek gevind word nie.

Die parallelisme ontstaan in reaksie op die stimulus. Die parallelismes kan net soos die stimuli onder waarneming, emosie, handeling en eienskap geklassifiseer word.

i. Waarneming

Waarneming ontstaan op grond van die inwerking van die prikkel. Al die vorme van waarneming wat op p 23 bespreek is, kan as parallelismes gebruik word.

ii. Emosie

Al die emosies wat hierbo bespreek is, kan as parallelismes

gebruik word.

iii. Handeling

Al die handeling wat op p 24 bespreek is, kan as parallelismes gebruik word.

iv. Eienskap

Al die eienskappe wat op p 24 bespreek is, kan as parallelismes gebruik word.

3. Origo

Die origo van die fokus van die beeldspraak word uit die makro= konteks van die sender geneem.

Nyembezi, Dierks en Bezuidenhout het die origo van spreekwoorde en gesegdes bestudeer. Nyembezi (1949:9-12) het 'n indeling van die "origin" gegee. Hy het 'n motivering vir die noodsaaklik= heid van 'n klassifikasie gegee.

Dierks (1972:31) het hierop voortgebou. Hy onderskei die volgende: die algemene aspekte van die menslike lewe; die mens in die samelewing; menslike tekortkominge en oortredings; die mens en regpleging; die mens in die werk en die ekonomie; die mens en die bonatuurlike.

Bezuidenhout (1981:23-67) se indeling kan as basis gebruik word om die ontstaansterreine van beeldspraak te beskryf. Omdat die spreekwoord en die gesegde op die periferie van hierdie studie lê, word die indeling nie met voorbeelde toegelig nie.

Hy gebruik die volgende indeling:

kennis van diere, voëls, insekte en reptiele; kennis van die mens en sy gedragswyses; kennis van plantegroei; kennis van die landskap; kennis van natuurverskynsels; kennis van die moderne tyd.

Die term ONTSTAANSTERREINE wat Bezuidenhout gebruik, omskryf nie die begrip nie, omdat dit nie die elemente wat gebruik word omskryf nie; bv. "Go besa setseba" (Om die stertriem te braai) "Setseba" is nie 'n terrein nie, maar 'n element of 'n voorwerp.

In hierdie studie sal die term ORIGO gebruik word om die begrip te omskryf. Origo word omskryf as die element uit die makrokonteks van die sender wat gebruik word om 'n bepaalde voorbeeld van beeldspraak te vorm. Hoewel elke voorbeeld van beeldspraak uniek is, is dit gerieflik om dit onder sekere hoofde te groepeer. Hierdie samevatting het tot die term

ONTSTAANSTERREINE gelei. Omdat die makrokonteks van die Noord-Sotho en die Batswana baie ooreenkomste het, word dit as die beginpunt van hierdie studie geneem. Omdat daar in bogenoemde indeling 'n groot mate van oorvleueling geleë is, het die navorser op grond van Dierks en Bezuidenhout se verhandelinge die origo van beeldspraak heringedeel.

i. Natuur

Dit sluit die kennis van plante, diere, landskap en natuurverskynsels in. Die term NATUUR sluit dus die totale geskape werklikheid in.

ii. Kultuur en lewensbeskouing

Duvenage (1973:228-252) sê dat kultuur arbeid is.

Kultuur is dus die subjektiewe beskouing van die natuur. Dit sluit alle doelbewuste pogings van die mens se kant om die natuur te beheers in. Onderwys en opvoeding is dus die oordrag van kultuurelemente en is as sodanig kultuur en arbeid.

Die mens het bepaalde fundamentele religieuse oortuigings. Sy hart word tot die ware God of idool gerig. Die religieuse oortuigings van die mens val uiteen in kultus en geloof. Godsdiens en geloof is nou verwant. Godsdiens is geen kultuurhandeling nie, maar dit is 'n deel van die mens se lewens- en wêreldbeskouing. Die lewensbeskouing van die mens beïnvloed sy kultuurhandeling, want kultuur en lewensbeskouing is onderskeibaar maar nie skeibaar nie. Die bestaan van 'n lewensbeskouing impliseer dat die mens hom kan rig op sy godsbeskouing, mensbeskouing en wêreldbeskouing.

Baie van die beeldspraak in Setswana is aan die primitiewe rites ontleen, waarin spesifieke gode 'n rol speel.

Nadat die Batswana gekersten is, het die veelgodedom grootliks verdwyn, maar die gesegdes en spreekwoorde wat daaruit ontleen is, het gebly. In die lig van hierdie feit is dit duidelik dat baie van die tradisionele handelinge hulle religieuse waarde verloor het, met die gevolg dat daardie reste van vroeëre rites hulle religieuse waarde verloor het. Die rites het sodoende

begin om 'n deel van die kultuur te word. Dit word moeilik om 'n onderskeid tussen rites en kultuur te trek. Die kultuur en lewensbeskouing is saamgevat omdat die onderskeid tussen kultuur en rites grootliks op grond van raaiwerk berus.

iii. Eienskappe

Kleur, getal- en ander soortgelyke eienskappe wat nie onder i en ii tuishoort nie, val onder hierdie afdeling.

iv. Emosie

Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat die origo van beeldspraak uit die mens se emosionele lewe geneem kan word (vergelyk p 24).

4. Konteks

Die konteks sluit die hele gedig in. Die beeldspraak moet binne die konteks bestudeer word. Die konteks speel 'n belangrike rol in die interpretasie van die gedig in die algemeen en die beeldspraak in besonder.

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens slaan op die inligting buite die konteks van die gedig. Afleidings wat op grond van hierdie buitetaalse gegewens gemaak word, moet aan die konteks van die gedig getoets word. Dit is aanvullend tot die konteks, maar ondergeskik daaraan.

6. Situasië

Die situasie waarin die bepaalde uiting gebruik is, het 'n invloed op die interpretasie. Reddy (1969:240-250) haal die voorbeeld "The rock is becoming brittle with age" aan om te toon dat die situasionele gegewens 'n rol speel by die vorming van beeldspraak. As hierdie uiting in 'n geologiese geselskap gebruik word, is dit nie beeldspraak nie. Hierdie uiting is wel beeldspraak as dit in 'n akademiese geselskap gebruik word en die "rock" na 'n geliefde professor verwys.

Die situasie is aanvullend tot, maar ondergeskik aan die konteks. As die situasie nie saam met die konteks gebruik word nie, bestaan die gevaar dat dinge ingelees kan word.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur van 'n uiting sluit alle sintaktiese en semantiese aspekte in. Die logiese en psigologiese betekenis vorm ook 'n deel van die begripstruktuur van die uiting.

E. Die funksies van beeldspraak

Vestdijk (1956:171) noem 'n verduidelikende funksie, 'n verrykingsfunksie, 'n konsentreringsfunksie en 'n verfraaiingsfunksie. Van Staden (1980:113) het hierdie aspek oppervlakkig bestudeer. Weens die gebrek aan 'n vollediger bron sal bogenoemde twee bronne as 'n vertrekpunt vir die studie gebruik moet word.

F. Evaluering

Om die evaluering te sistematiseer is 'n vyfpuntskaal ingevoer, naamlik: baie goed; goed; redelik; swak en baie swak. Die beeldspraak word ten opsigte van mekaar geëvalueer, met ander woorde dit word van baie goed tot swak gerangskik. Nadat een voorbeeld van elke evalueringspunt verkry is, word die beeldspraak dan ten opsigte van die voorbeelde geëvalueer.

1.2.0. VERTALING VAN BEELDSPRAAK

Oor die komplekse vraagstuk van taal moet enkele opmerkings gemaak word, voordat daar aan die problematiek van vertaling geraak word.

In die eerste plek moet daarop gewys word dat taal 'n beheersingsmiddel van die mens is waardeur hy die werklikheid beheers en uitdrukking gee aan sy kennis van en gedagtes oor daardie werklikheid.


Taal is ook 'n kommunikasiemiddel en is die belangrikste intermenslike kommunikasie. Vir sinvolle taalkommunikasie is dit noodsaaklik dat die sender en ontvanger in die taalkommunikasieproses dieselfde betekenis aan 'n spesifieke taalteken heg.

Die oorspronklike sender dra 'n spesifieke boodskap deur middel van 'n taal aan 'n ontvanger oor. Hierdie kommunikasie vind binne 'n spesifieke tyd en ruimte plaas. Die moontlikheid van geslaagde kommunikasie is goed wanneer die sender en ontvanger in dieselfde tyd, ruimtelike en kulturele milieu leef.


Die vertaler ontvang die boodskap van die oorspronklike sender en interpreteer dit dan. Hy word 'n tweede sender wat die boodskap van die eerste sender in 'n vreemde taal oorsit. Die tweede ontvanger ontvang dus die boodskap deur die tweede sender. Die kommunikasie tussen die eerste sender en die tweede ontvanger word bemoeilik omdat hulle tyd, ruimtelike en kulturele milieu verskil.

Swanepoel (1980:20-33) bespreek nie net die probleem van vertaling nie, maar hy gee ook 'n skematiese voorstelling oor wat ter sake is by vertaling as kommunikasie proses.

EERSTE FASE:



TWEDE FASE:



Hierdie vertaling moenie net grammatikaal korrek wees nie, maar dit moet die boodskap van die sender in 'n interpreteerbare vorm oordra. Die vertaler plaas sy boodskap binne 'n ander tyd-ruimtelike en kulturele milieu, as dié waarin die oorspronklike sender dit geplaas het daarom kan die gesegde "Go apara maru" nie met "Om wolke aan te trek" vertaal word nie. Hierdie kommunikasie proses moet nie net die inhoudelike gegewens nie, maar ook die vormlike aspek weergee. Dit is natuurlik moeiliker om die vormlike aspek weer te gee. Hierdie probleem kan opgelos word, deur 'n gesegde in die teikentaal te gee wat min of meer dieselfde betekenis het as dié in die oorspronklike taal.

Hierdeur kan die beeldspraak, wat die doel van hierdie studie is, verlore raak.

Die TGG het nie net 'n invloed op die grammatika en die letterkunde nie, maar ook op vertaling.

Volgens die ou woord-vir-woord vertaling is elke woord met 'n sinoniem uit 'n ander taal vertaal. Hierdie woord-vir-woord vertaling lei dikwels tot oninterpreteerbare eenhede soos die volgende voorbeeld aantoon: "Go besa setseba" (Om te braai stertriem).

Behalwe dat dit nie Afrikaans is nie, is dit nie interpreteerbaar nie. Daar moet gekyk word na wat die werklike bedoeling van die sender is. Die vertaling moet presies sê wat die teks bedoel om te sê.

"Go besa setseba" moet dan vertaal word met "Om 'n mislukking te maak". Indien hierdie metode alleen toegepas word, sal die beeldspraak verlore raak in die teikentaal. Om beeldspraak te vertaal sal dit nodig wees om die letterlike woord-vir-woord vertaling met die dinamies-ekwivalente vertaling (vrye) te kombineer.

In die lig van die eerste voorbeeld is dit duidelik dat die woord-vir-woord vertaling aangepas moet word om by die grammatika van die teikentaal aan te pas. Beeldspraak kan dan so vertaal word:

"Go besa setseba"

Letterlike vertaling: Om die stertriem te braai.

Vrye vertaling: Om 'n mislukking te maak.

Vormlike vertaling: Om alles te verloor.

Uit bogenoemde voorbeeld is dit duidelik dat beeldspraak 'n meervoudige betekenis het. Hierdie meervoudige betekenis word dikwels uitgeskakel, hoewel die meervoudige betekenis dikwels juis deur die makrokonteks beklemtoon word. In die bespreking word 'n interpreteerbare letterlike vertaling gegee, terwyl 'n vrye vertaling ook gegee sal word waar dit nodig is om te verseker dat die beeld korrek geïntepreter kan word.

As die ontvanger nie die tradisionele Motswana met sy stertriem aan ken nie, kan hy ook nie die frustrasie en woede wat met dié verlies gepaard gaan interpreteer en ervaar nie. Vertaling moet méér weergee as die blote direkte woorde, dit moet ook die buitetaalse gegewens en situasie weerspieël.

Geen woord in een taal het 'n absolute sinoniem in 'n ander taal nie.

Elke woord het sy eie unieke betekenisveld. Die titel van die digbundel kan dan só vertaal word:

"Sefalana sa Menate"

Letterlike vertaling: 'n Graanhouertjie van lekkernye.

Vrye vertaling: Aangename herinneringe.

Vormlike vertaling: Die digbundel.

In hierdie voorbeeld is die probleem nog net geïdentifiseer en nie opgelos nie.

Sintaktiese probleme ontstaan ook omdat elke taal sy unieke grammatikale struktuur het. Die struktuur van een taal kan nie op 'n ander oorgedra word nie, byvoorbeeld:

Mosadi	o	a	opêla.
Vrou	sy	onvertaalbaar	sing.

Volgens die Setswana sintaksis moet dit lui:

"Vrou sy sing."

Die sintaksis van Afrikaans vereis dat daar 'n lidwoord voor die naamwoord "vrou" moet kom, terwyl die "sy" moet wegval. Die sin word dan vertaal met "Die vrou sing."

Nadat van die belangrikste probleme in die vertalingsproses nou geïdentifiseer is, is dit nodig om die riglyne vir vertaling neer te lê.

Letterlike vertaling:

- i. Elke woord moet met 'n sinoniem vertaal word.
- ii. Die sinoniem moet binne die konteks sinvol wees.
- iii. Die sinne moet grammatikaal korrek wees.
- iv. As die sin in die oorspronklike taal semi-grammatikaal is, moet dit in die teikentaal in dieselfde mate semi-grammatikaal wees, sodat die beeldspraak, idiome, spreekwoorde en geseledes geïdentifiseer kan word.

Vrye vertaling (TGG)

- i. Die vertaling moet sê wat die sender bedoel.
- ii. Die vertaling moet binne die konteks sinvol wees.
- iii. Sinne moet grammatikaal korrek wees.
- iv. Idiome, spreekwoorde en geseledes moet met soortgelyke uitings met dieselfde betekenis in die teikentaal vertaal word.

1.3.0. WERKSWYSE

1.3.1. ALGEMENE OORSIG

Die wyse waarop die stof aangebied word, lewer ook 'n probleem. Al die beeldspraak in die bundel kan bespreek word; 'n keur uit die beeldspraak kan gemaak word; die beeldspraak kan uit 'n keur van die gedigte gemaak word; beeldspraak kan volgens bepaalde kenmerke bestudeer word of die gedigte kan in groepe ingedeel word.

As die beeldspraak in al die gedigte bespreek word, kan 'n goeie beeld van al die beeldspraak verkry word, maar dit sal nie 'n geheelbeeld van die beeldspraak in die bundel gee nie.

As daar 'n keur uit die beeldspraak in al die gedigte gemaak word, is dit moeilik om 'n verantwoordbare keuse te maak.

Sekere gedigte kan gekies word, terwyl ander heeltemal buite rekening gelaat word. So 'n werkverdeling sal dieselfde probleem as die vorige oplewer.

Beeldspraak kan op grond van 'n bepaalde kenmerk byvoorbeeld origo bestudeer word, maar dit sal die beeldspraak onnodig versnipper.

Die gedigte is in groepe verdeel, voordat die beeldspraak geïdentifiseer is. Nadat dit verdeel is, is die beeldspraak in elke gedig geïdentifiseer om sodoende 'n geheelbeeld van die gedig te kry. Daarna is die beeldspraak in elke gedig kortliks bespreek, asook die beeldspraak in elke groep. Nadat alle groepe bestudeer is, sal 'n waardering van die beeldspraak in die hele bundel gegee word.

Op hierdie wyse word dan aangetoon hoe die beeldspraak die titel van die gedig, die hoofgedagtes van die groep gedigte en die oorkoepelende gedagte van die bundel as geheel dien. Die stof kan dus, sonder om dit te fragmenteer, in die studiestuk opgeneem en gekonsentreer word. Die gedigte is s6 ingedeel:

1. GEDIGTE WAT OOR KULTURELE EN GODSDIENSTIGE SAKE HANDEL
Tšhwanologô; Selelô sa tônki; Ngwaga o moša; Mašupatsela;
Lentswe la moledi.
2. GEDIGTE WAT OOR DIE OUDERDOM EN DIE DOOD HANDEL
Botsofe; Lošô en Bosielâ.
3. GEDIGTE WAT OOR DIE LEWENSGESKIEDENIS VAN DIE DIGTER HANDEL
Rôbala ngwanaka; Motlhôkagaê; Moratwa yô ô tľhadilwêng;
Selelô sa morati.

4. NATUURGEDIGTE

Aferika; Fatshe la Batšwana; Lenaga; Thamalakane;
 Lewatlê; Pula; Tau; Sebata; Phôlôgôlô ya me; Sebotho;
 Mariga; Seêtêbosigo.

5. GEDIGTE OOR DIE EUROPESE OORLOË

Ntwa ya 1939-45; Masolê; Motlhabani; Kagisô.

6. GEDIGTE OOR PERSONE

Baboki ba dikgôsi; Kgôsi Kgama; Raditladi a Sekgoma; Lekgasa
 lôo Sekgoma; Isang a Lentšwe; Kgôsi Tšhaka; Dingana le Maburu.

Elkeen van bogenoemde ses groepe gedigte verskaf die stof vir 'n afsonderlike hoofstuk. Daar word in elke hoofstuk 'n opsomming van die beeldspraak in elke gedig gegee. Daarna word dit bespreek. 'n Paradigma van die struktuur, reëloorskryding binne die TGG, stimuli, parallelisme, origo en funksie van elke vorm van beeldspraak word dan vir elke gedig opgestel. Elke gedig sal volgens dié vorm bespreek word om die uitstaande kenmerke van die groep gedigte te bepaal. Die opsomming wat aan die einde van die hoofstuk gegee word, sal die kenmerke van al die beeldspraak in al die gedigte in die bepaalde groep met een oogopslag weergee.

In die agste hoofstuk word beeldspraak in die groepe gedigte statisties met mekaar vergelyk om die eienskappe van al die beeldspraak in die bundel te bepaal.

Om al die vorme van beeldspraak in die bundel te bespreek sou tot onnodige herhaling lei, daarom is die beeldspraak volgens die struktuur daarvan ingedeel.

- i. Die beeldspraak waarin die tenor afwesig is.
- ii. Die beeldspraak waar die tenor teenwoordig is en die fokus 'n naamwoord is.
- iii. Die beeldspraak waar die tenor teenwoordig is en die fokus 'n werkwoord is.
- iv. Die beeldspraak waar 'n tenor, fokus, bolster en mediator teenwoordig is.

In elke gedig word net een voorbeeld van elke groep bespreek om onnodige herhaling te voorkom.

Nadat die voorbeelde uit elke gedig in 'n bepaalde groep bespreek is, word die beeldspraak in die verskillende gedigte met mekaar vergelyk. Hierdie aspekte word eers getabuleer en daarna kortliks bespreek om te bepaal of daar bepaalde tendense is wat in sekere gedigte of groepe gedigte 'n determinante rol speel.

Omdat die digbundel se titel slegs een voorbeeld van beeldspraak het, is dit sinneloos om dit in tabelvorm weer te gee. Dit sal egter in die agste hoofstuk by die opsomming van al die beeldspraak in die bundel in berekening gebring word.

Hierdie beskrywings kan na onnodige herhalings lyk, omdat dieselfde verwysingsraamwerk deurgaans ondersoek word. Hierdie beskrywings is reeds verkort omdat nie alle geïdentifiseerde vorm van beeldspraak beskryf word nie. Aan die ander kant moet die beeldspraak in elke gedig so beskryf word dat dit 'n geheelbeeld gee.

1.3.2. RAAMWERK

Die individuele vorme van beeldspraak word binne die volgende raamwerk geïdentifiseer en bespreek.

- A. Funksionele raamwerk
- B. Strukturele raamwerk
- C. TG raamwerk
- D. Semantiese ondersteunende aspekte.
 - 1. Stimulus van die beeldspraak
 - 2. Figuurlike parallelisme wat die beeldspraak stig
 - 3. Die origo van die fokus
 - 4. Die konteks waarin die taaluiting plaasvind
 - 5. Die situasie waarin die taaluiting gebruik word
 - 6. Die buitetaalse gegewens
 - 7. Die begripstruktuur van die beeldspraak
- E. Die funksie van die beeldspraak
- F. Evaluering

1.3.3. TOEPASSING

Elke vorm van beeldspraak word so bespreek. Hier word van die induktiewe metode gebruik gemaak, omdat daar met die mikrokonteks begin word, terwyl daar met die bundel as geheel geëindig word. Dit is egter nie nodig om elke individuele vorm van beeldspraak te beskryf nie.

Hier volg die identifikasie en bespreking van die beeldspraak wat in die titel van die bundel voorkom:

	maboko	sefalana
konkreet	+	+
temporeel	-	-
stoflik	-	+
voorwerp	-	+
versameling	-	-
lewend	-	-
menslik	-	-
dierlik	-	-
ding	+	+
goddelik	-	-
lokatief	-	-

Uit die matrys wat aangetoon is, is dit duidelik dat "maboko" [-stoflik] en [-voorwerp] is, terwyl "sefalana" [+stoflik] en [+voorwerp] is.

Volgens die TG berus beeldspraak op 'n reëloorskryding binne die TGG. In hierdie voorbeeld het die reëloorskryding ten opsigte van die inherente eienskappe stoflik en voorwerp plaasgevind. By die bespreking van die beeldspraak in die verskillende gedigte sal die matrys slegs in die opsomming weergegee word. Die reël-oorskryding van die inherente eienskappe sal wel aangedui word.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender verlang na dié dinge waaroor hy dig. Sy gedigte handel oor die dinge wat hy ervaar het. Hierdie verlange stimuleer hom om 'n parallelisme tussen die gedigte in die digbundel en die graanhouertjie te soek. Verlange word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Na die oes word die graan in die graanhouertjie (sefalana) opgegaar om dit vir die winter te bewaar. Die gedigte word ook saamgevoeg en in 'n bundeltjie bewaar. Die parallelisme is dus in die bewaring en samevoeging geleë (vergelyk die uiteensetting op p 24). Bewaring en samevoeging word as 'n handeling geklassifiseer. Die parallelisme (handeling) is 'n reaksie op die stimulus (emosie).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die tradisionele opberging van voedsel ontleen. "Sefalana" is deel van die mens se kultuur en lewensbeskouing.

4. Konteks

Al die gedigte vorm 'n deel van die konteks van die bundel. Die bundel skep die indruk dat dit herinneringe is. Soos alle herinneringe word die suur met die loop van tyd soet, omdat die pyn wat daarmee gepaard gegaan het, verdwyn het. Hierdie standpunt word veral beklemtoon in die aanvaarding in die gedig 'TŠHWANOLOGÔ.'

5. Situasië

Die digter kyk in latere jare terug na wat in die verlede gebeur het.

6. Buitetaalse gegewens

Die "sefala" is 'n houer waarin die graan gebêre word. As word saam met die graan gebêre, sodat die kalanders dit nie kan opvreet nie. Die houer met die graan word op 'n paal gebêre om te verhoed dat groter diere die graan kan opvreet. Nadat die houer toegemaak is, word 'n klein hutjie daaroor gebou om te verhoed dat die graan nat word en muf.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur sluit die volgende aspekte in:

- i. die funksionele raamwerk;
- ii. die strukturele raamwerk met sy parallelisme;
- iii. die TG raamwerk met sy sintaktiese seleksiereëlorskryding;
- iv. die stimulus wat tot die vorming van beeldspraak lei;
- v. die parallelisme wat saam met die stimulus die oorbrugging van die sintaktiese seleksiereëlorskryding moontlik maak;
- vi. die origo van die fokus;
- vii. die konteks waarin die beeldspraak gebruik word;
- viii. die relevante buitetaalse gegewens wat saam met die origo van die fokus en die konteks die beeldspraak interpreteerbaar maak;
- ix. die situasie waarin die uiting gebruik is.

Die samestelling van die begripstruktuur sal nie weer in dié studie weergegee word nie, omdat dit reeds in die raamwerk bespreek is. Die semantiese waarde daarvan word by elke voorbeeld gegee.

Die verkleinwoord "sefalana" verwys na die omvang van die digbundeltjie, terwyl die meervoudsvorm "menate" na die verskeidenheid van gedigte in die bundel 'SEFALANA SA MENATE' verwys.

E. Funksie

In die titel van die bundel 'SEFALANA SA MENATE' wil die digter 'n aanduiding gee dat hy slegs enkele grepe uit sy ervaringsveld met sy ontvanger wil deel. Die beeldspraak in die titel van die bundel het 'n konsentreringsfunksie.

F. Evaluering

Dit is 'n voorbeeld van baie goeie beeldspraak, omdat:

- i. die tenor verskuil is;
- ii. die tenor "maboko" en die fokus semanties ver van mekaar verwyder is;
- iii. die parallelisme (handeling) ontstaan as 'n reaksie op die stimulus (emosie);
- iv. die parallelisme implisiet is;
- v. die parallelisme nie in die konteks herhaal word nie;
- vi. die situasie 'n rol speel by die ontstaan van die stimulus;
- vii. die buitetaalse gegewens 'n rol speel in die keuse van die fokus;
- viii. die begripstruktuur die band tussen die tenor en fokus versterk.

Voortaan sal net daardie aspekte wat 'n positiewe of negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak het, genoem word.

HOOFSTUK 2

2.0.0. GEDIGTE WAT OOR KULTURELE EN GODSDIENSTIGE VERANDERINGE HANDEL

2.1.0. INLEIDING

Die digter, L.D. Raditladi, het in 'n tydperk van verandering op kultuur-godsdienstige gebied gelewe. Die tradisionele gebruike is deur nuwes vervang, terwyl ander verdwyn het. Die beïnvloeding het plaasgevind as gevolg van die kontak met die sendelinge (van verskillende nasionaliteite), die Britte en die Afrikaner (Schapera 1970:155-188). Omdat genoemde groepe kultureel van mekaar verskil, het die invloede wat op die Batswana ingewerk het, ook verskil.

Die Batswana het 'n ingewikkelde stelsel van veelgodedom gehad. Dit het gewissel vanaf die Skepper (Modimo) tot by die laagste vorm van voorvadergeeste (badimo), heilige beeste (kupe) en halfgode (tokolosi). Vrees was die oorheersende faktor in hulle godsdiens (Brown 1969:91-125). Met die koms van die Christendom het dit skynbaar verander, maar die Christelike godsdiens van die Batswana is vandag nog 'n vermenging van die tradisionele en Christelike godsdiens (Boonzaai 1933a:4+5). Laasgenoemde stelling beteken nie dat die Christendom geen invloed op die lewe van die Batswana het nie. Daar is baie toegewyde Christene onder hulle (Craford 1983:4-5). By sommige het die Bybel 'n magiese krag verkry. Die geloof het 'n nuwe soort toorkrag geword (Boonzaai 1983b:6-7).

Die gedigte in hierdie groep handel veral oor die veranderinge op kulturele en godsdienstige gebied.

(i) Kultuur

TŠHWANOLOGÔ, MAŠUPATŠELA, LENTŠWE LA MOLEDI, NGWAGA O MOŠA.

(ii) Godsdiens

SELELÔ SA TŌNKI

2.2.0. TŠHWANOLOGÔ / VERANDERING

2.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Die tradisionele kleredrag van die Batswana het uit velle bestaan. In die winter het hulle 'n velkombers gedra om hulle warm te hou. Die skoeisel wat hulle gebruik het, was leersandale. Met die koms van die Blankes het die Batswana begin om Westerse klere te dra. In hierdie gedig word juis hierdie Westerse klere die grootste bron van irritasie.

In die eerste strofe word die klere van die verlede aan die tradisionele en die Westerse klere aan die moderne kultuurgoedere gelyk gestel. Die digter sê: "Ons vaders se klere is weg." Hiermee word geïmpliseer dat "diaparo tsa borraarona" nou in die "sefalana" weggepak is, terwyl die Westerse klere wat hulle knel, gekom het om die tradisionele klere te vervang. Die tradisionele klere word nie weggegooi nie, maar dit word in die graanhouertjie weggepak vir bewaring.

Die tweede strofe handel ook nog oor kleredrag, maar ook oor vervoermiddels. In die derde versreël word na die tradisionele vervoermiddel, sleë, verwys.

Die derde strofe handel oor die herlewing van die tradisie. Die mense dans terwyl hulle hande klap.

Die vierde strofe handel oor skoeisel. Die tradisionele skoeisel is deur die moderne skoene vervang, maar die skoene skaaf die tone, swik die knieë en buig die tone.

In die laaste strofe word die verlange na die tradisionele lewe en kultuur beskryf. Die sender berus in die omstandighede, maar hy verlang nog na die tradisionele.

Binne die konteks van die gedig word die verandering wat daar ingetree het, in die volgende gesien:

- | | TRADISIONELE | MODERNE |
|----|--------------------------|-----------------------------|
| a. | klere | "dikhai" |
| | "Diaparo tsa borraarona" | Letterlike vertaling: klere |
| | Letterlike vertaling: | "manyebi" |
| | ons vaders se klere | Letterlike vertaling: |
| | | deurskynende klere |
| | | "diseisei" |
| | | Letterlike vertaling : sy |
| | | "malakalaka" |
| | | Letterlike vertaling: |
| | | blink klere |
| b. | vervoermiddels | nie genoem nie |
| | "dilei" | |
| | Letterlike vertaling: | |
| | sleë | |
| c. | dans en musiek | nie genoem nie |
| | "ba opele" | |
| | Letterlike vertaling: | |
| | hulle dans | |
| | "ba phanye magofi" | |
| | Letterlike vertaling: | |
| | hulle klap hande | |

Die inhoud van die gedig val uiteen in die tradisionele en moderne goedere en as sodanig pas dit goed in die titel 'SEFALANA SA MENATE' van die bundel.

2.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

VOORBEELD

VERTALING

- | | | |
|----|---------------------------------------|--|
| 1. | "diaparo tsa
borraarona di
ile" | Letterlike vertaling: ons vaders se
klere is weg |
| 2. | "thokwana kgolo di
bênye lefifi" | Letterlike vertaling: die groot bruines
blink in die donker
Vrye vertaling: saans dans ons |

2. "di re khinang"

Letterlike vertaling:

wat ons kniehalter

Vrye vertaling: wat ons
bewegings belemmer.

3. "di re šoboloke
mmele"

Letterlike vertaling: hulle
bind ons lywe vas.

B. Tenor en 'n naamwoord as fokus
VOORBEELD

VERTALING

1. "go setse dikhai di re
bofang mabogo"

Letterlike vertaling: wat daar
oor is, die klere wat ons arms
vasbind

2. "re neeleng dikoloi tsa
rona tsa dilei"

Letterlike vertaling: gee vir
ons vervoermiddels, sleë

3. "namane e tona ya
tšhwanologo"

Letterlike vertaling: die
groot kalf van verandering

Vrye vertaling: wat 'n groot
verandering

4. "ka ijela mogau"

Letterlike vertaling: ek les toe
self my dors.

Vrye vertaling: ek stel my toe
self tevrede

C. Tenor, fokus en komparatief

1. "ke pagama! ka maatla ka
etsa phôlôgôlô ya lekau"

Letterlike vertaling: Ek klim toe
op! so kragtig soos 'n jong
wildsbok.

2. "keletso ya nna pitse"

Letterlike vertaling: die
begeerte word toe 'n perd.

2.2.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

2.2.3.1. Voorbeeld met vertaling

"A namane e tona ya tšhwanologô"

Letterlike vertaling: Wat 'n groot kalf van verandering.

Vrye vertaling: Wat 'n groot verandering. (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

Namane	e tona	ya tšhwanologô
B fokus	C bolster	A raam

Die tenor is "tšhwanologô" met ander woorde die beeldspraak is tussen "namane" en "tšhwanologô". Kyk op p 18-21.

B. Strukturele raamwerk

naamwoordgroep ---> "Namane e tona ya tšhwanologô"

namane	naamwoord
e	relatiewe betrekkingwoord
tona	adjektiewe stam
ya	possessiewe betrekkingwoord
tšhwanologô	naamwoord

Namane	e tona	ya tšhwanologô
naamwoord	adjektiefrela-	possessiewe betrekking=
	tiewe groep	woordgroep
antesedent	kwalifikatiewe	kwalifikatiewe bepaling
	bepaling	

C. TG raamwerk

NP ---> N+BP+BP
 ---> N+B+N+B+N
 ---> an.+q+q

Bykomend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items. Die tenor, tšhwanologô, het die volgende inherente kenmerke, [+temporeel], [-voorwerp] en [-dierlik]; die fokus "namane" daarenteen het [-temporeel], [+voorwerp] en [+dierlik] as inherente eienskappe.

Die reëloorskryding binne die TGG word deur die volgende inherente kenmerke verteenwoordig, naamlik temporeel, voorwerp en dierlik (vergelyk p 10, p 22-23, p 35-36 en tabel 1 p 52).

D. Semantiese ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender voel onseker oor die toekoms. Hierdie onsekerheid stimuleer hom om 'n parallelisme tussen veranderinge en 'n kalf te soek. Onsekerheid word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk p 24 en tabel 1 p 52).

2. Parallelisme

Om 'tšhwanologô' en 'hamane' (kalf) te verbind, moet die moontlikheid wat deur die stimulus geskep is, deur 'n parallelisme verbind word. Die sender het gemerk dat verandering gaandeweg versnel, terwyl 'n kalf groter word. Hy ontleen dus die parallelisme aan die waarneming wat hy gemaak het ten opsigte van 'tšhwanologô' en 'hamane' (vergelyk p 24 en tabel 1 p 52).

3. Origo

Die origo van die fokus is in die bees (wat 'n dier is) opgesluit en is as sodanig 'n deel van die skepping. Die digter vergelyk dus 'n abstrakte begrip met behulp van 'n natuurelement (vergelyk tabel 1 p 52 en p 26).

4. Konteks

In die raam "namane e tona ya tšhwanologô" word die titel van die gedig herhaal. As die raam ontbreek het, sou die beeldspraak meer implisiet gewees het, wat sou meebring dat dit 'n beter vorm van beeldspraak sou wees. Die digter het baie van die suggestie in die beeldspraak ingeboet om meer duidelikheid te verkry (vergelyk Brown 1966:21). Die eksplisiete figuurlike parallelisme verlaag die waarde van die beeldspraak, maar dit verlaag nie noodwendig die waarde van 'n letterkundige werk nie, omdat duidelikheid nie 'n swak eienskap van letterkunde is nie. In die gedig word daar na die groot of belangrike verandering verwys "namane e tona ya tšhwanologô".

5. Buitetaalse gegewens

Die Batswana was veeboere en het daaglik met koeie en kalwers te doen gehad. Hieruit het hulle geweet dat 'n kalf dikwels groter as sy moeder word. Hierdie groei kan nie gestuit word nie. Dit impliseer dat die verandering wat plaasvind ook onstuitbaar is.

6. Situasië

Omdat die Batswana tradisioneel landbouers en veeboere was, word dit geïmpliseer dat die kalf altyd sy ouers opvolg, dit wil sê dat hierdie verandering onherroeplik plaasvind.

7. Begripstruktuur

Die kulturele verandering het onherroeplik plaasgevind. Dit kan nooit weer ongedaan gemaak word nie. Dit sal soos die kalf net altyd sterker word (vergelyk p 37).

E. Funksie

Die beeldspraak het konsentring as primêre funksie, omdat die hele groeiproses in die kulturele verandering weergegee word (vergelyk p 38).

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak omdat:

- (i) die tenor en fokus semanties baie verskil;
- (ii) die stimulus daarin slaag om 'n verband tussen die tenor en fokus te skep;
- (iii) die parallelisme daarin slaag om 'n verband met behulp van sintuiglike waarneming vas te lê;
- (iv) die konteks, buitetaalse gegewens en situasie help om 'n implisiet interpreteerbare uiting te skep;
- (v) die enigste tekortkoming in die voorbeeld is dat die tenor in die titel en konteks voorkom. Hierdie onnodige herhaling verlaag die waarde van die beeldspraak (vergelyk p 38) hoewel dit die gedig duideliker laat spreek.

2.2.3.2. Voorbeeld met vertaling

"re neeleng dikoloi tsa rona tsa dilei"

Letterlike vertaling: gee vir ons vervoermiddels: sleë.

A. Funksionele voorstelling

re neeleng	dikoloi	tsa rona tsa dilei
A raam	B fokus	C bolster


Die tenor is in die konteks van die gedig verskuil. Na 'n studie van die konteks, is dit duidelik dat die tenor 'n tradisionele kultuurelement is.

Die fokus is die naamwoord "dikoloi", terwyl die bolsters "rona" en "dilei" is. Die res van die uiting vorm die raam (vergelyk tabel 1 p 52 en p 18-22).

B. Strukturele raamwerk

werkwoordgroep → "Re neeleng dikoloi tsa rona tsa dilei"

re neeleng		werkwoord
dikoloi		naamwoord
tsa		possessiewe betrekkingwoord
rona		voornaamwoord
tsa		possessiewe betrekkingwoord
dilei		naamwoord



C. TG raamwerk

S → V+N+B+PN+B+N
 → V+N+BP+BP
 → b+an+q+q
 → V+NP
 → b+o

Aanvullend tot die kategoriale seleksiekenmerke is hier ook sprake van die inherente eienskappe van die tenor en fokus. Die verskuilde tenor (die tradisionele kultuurelemente) het die volgende inherente eienskappe [+temporeel] en [-ding], terwyl die fokus, dikoloi [-temporeel] en [+ding] as inherente eienskappe het. Die seleksiereëloorskryding binne die TGG word dus deur die matrysas temporeel en ding uitgewys (vergelyk p 10; 22-23; 35-36 en tabel 1 p 52).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die verlange na die tradisionele het die sender geprikkel om die beeldspraak te skep. Verlange word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Die parallelisme is in die mediator "re neeleng" opgesluit. "Re neeleng" lewer dus 'n eksplisiet figuurlike parallelisme. Die versoek "re neeleng" is 'n handeling en moet as sodanig geklassifiseer word (vergelyk p 24-25).

3. Origo

Die vervoermiddel is deel van die kultuurbesit van 'n volk. Dit word daarom onder kultuur en lewensbeskouing geklassifiseer (vergelyk p 26).

4. Konteks

Die tenor, naamlik die kultuur, is uit die konteks afgelei. Hieruit word die gehalte van die beeldspraak verhoog. Die mediator "re neeleng" het egter die gehalte van die beeldspraak verlaag. Die bolster "dilei" het ook die waarde van die beeldspraak verlaag. In hierdie voorbeeld het die konteks dus 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak (Kyk op p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die slee is deur waens wat wiele het vervang. Hoewel die waens beter vervoermiddels as sleë is, het die mense bly hunker na die tradisionele slee.

6. Situasië

Ou kultuurelemente word deur nuwes vervang. Die Batswana dink terug aan die tradisionele kultuurgoedere. Hy verlang ook na die verlore dinge.

7. Begripstruktuur

Die slee is slegs een van die baie kultuurgoedere wat die Batswana verloor het. Die begripstruktuur slaan baie wyer en sluit al die tradisionele kultuurgoedere in (vergelyk p 37-38).

E. Funksie

Hierdie voorbeeld van beeldspraak het 'n verduidelikingsfunksie, omdat dit die gegewens wat die leser reeds weet, eksplisiet in die konteks gee (vergelyk p 28).

"Re neeleng dikoloi tsa rona tsa dilei,
Koloi tsa rona tse di gopang ka mpa mmung."

Gee vir ons vervoermiddels, sleë,

Ons vervoermiddels wat met hulle mae op die grond skuur.

F. Evaluering

Dit is vreemd dat die konteks wat die totstandkoming van die beeldspraak moontlik maak, dit ook van sy implisiteit beroof. Met die herhaling van "dikoloi" word die beeldspraak van sy trefkrag ontnem, daarom dat dit hoogstens as 'n voorbeeld van redelike beeldspraak beskou word. As "dikoloi" nie herhaal is nie, kon dit goeie of selfs baie goeie beeldspraak wees (vergelyk p 38-39).

2.2.3.3. Voorbeeld met vertaling

"Keletso ya nna pitse"

Die begeerte word toe 'n perd.

A. Funksionele raam

Keletso ya nna	pitse
raam	fokus

Die tenor is "keletso", terwyl "ya nna" die komparatief is (vergelyk p 18-21).

B. Strukturele raamwerk

- S ---> nw.+kopwwgr.
 ---> nw.+kopww.+naamwoord
 ---> ow.+ges.+ voorwerp

C. TG raamwerk

- S ---> N+VP
 ---> N+V+N
 ---> a+c

Die matrys moet aanvullend tot die kategoriale seleksiereëls gebruik word, om die reëloorskryding van die inherente kenmerke te bepaal. Die tenor "keletso" het die volgende inherente kenmerke: [-konkreet], [-stoflik], [-voorwerp], [-lewend] en [-dierlik]; die fokus "pitse" daarenteë het [+konkreet], [+stoflik], [+voorwerp], [+lewend] en [+dierlik] as inherente kenmerke. Hieruit kan afgelei word dat die reëloorskryding binne die TGG in die verbinding tussen die tenor en fokus in die volgende inherente kenmerke vervat is:

konkreet, stoflik, voorwerp en lewend (vergelyk p 10; 22-23; 35-36 en tabel 1 p 52).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Om die tenor "keletso" en die fokus "pitse" met mekaar te verbind, is dit nodig om vas te stel watter stimulus so 'n ongrammatikale verbinding moontlik gemaak het. Uit die ondersoek van die konteks is dit gou duidelik dat die stimulus verlange is. Verlange word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk tabel 1 p 52 en p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die tenor "keletso" en die fokus "pitse" met mekaar verbind, is in die beweeglikheid opgesluit. Beweging word as 'n handeling geklassifiseer (vergelyk tabel 1 p 52 en p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die kultuur en lewensbeskouing ontleen. Die perd word geteel om vinnig te kan hardloop (vergelyk tabel 1 p 52 en p 25-27).

4. Konteks

Die konteks gee die parallelisme en stimulus eksplisiet. Dit verlaag die waarde van die beeldspraak. Die digter brei die parallelisme in die konteks so uit dat die beeldspraak 'n byna waardelose versiering word. Die komparatief "ya nna" maak ook die beeldspraak meer eksplisiet, terwyl die afwesigheid van die mediator die waarde van die beeldspraak verhoog. Die teenwoordigheid van die komparatief verhoog die duidelikheid van die uitdrukking (Kyk op p 44).

5. Situasia

Die Batswana lewe in veranderende omstandighede, daarom gebruik hy die perd (wat ook 'n vreemde dier is) om die spoed van die verandering weer te gee.

6. Buitetaalse gegewens

Die perd is deur die Europeërs na Botswana ingevoer. Die Batswana het gou agter gekom dat die perd 'n vinnige dier met 'n groot uithouvermoë is.

7. Begripstruktuur

Hy wil die krag van sy verlange na die tradisie in die sterkste moontlike taal weergee. Die perd met sy spoed en uithouvermoë is uiters geskik om die krag, spoed en uithouvermoë van die begeerte na die tradisionele lewe weer te gee (vergelyk p 37-38).

E. Funksie

Die intensiteit van die verlange word in die "pitse" gekonsentreer. Die beeldspraak het konsentrerings as primêre funksie (vergelyk p 28).

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak, omdat

- (i) die tenor en fokus semanties ver verwyderd is;
- (ii) dit implisiet is;
- (iii) die parallelisme dit met krag en beweeglikheid vul;
- (iv) die enigste gebrek in die beeldspraak is die teenwoordigheid van die komparatief (ya nna) vervat is (vergelyk p 44).

2.2.4. PROMINENTE KENMERKE

2.2.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Die beeldspraak in die gedig word in tabel 1 op p 52 saamgevat.

2.2.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In agt uit die tien gevalle is die stimulus van die beeldspraak emosie, en in die ander twee gevalle is dit sintuiglike waarneming (vergelyk p 23-24).

Die stimuli skep net die behoefte by die sender om beeldspraak te vorm.

2. Parallelisme

Die parallelisme is daardie gemeenskaplike semantiese aspek wat tussen die tenor en fokus na vore tree om die ongrammatikale sin moontlik te maak. Die parallelisme vorm saam met die sintaktiese reëloorskryding en die stimulus die basis van die beeldspraak.

In agt uit die tien gevalle vorm die handeling die parallelisme en in twee gevalle waarneming.

3. Origo

Die origo van die fokus is in ses uit die tien gevalle uit die kultuur en lewensbeskouing geneem, terwyl die res uit die natuur geneem is.

In hierdie gedig is daar geen verband tussen die origo van die fokus en die gehalte van die beeldspraak nie (vergelyk tabel 1 p 52).

Tabel 1																		
Vertaling	Tematiese Fasette	Kontekst: natuur en kultuur in die lewens- en kultuur-omgewing	Kategorie									Situasie	Paralelle Fasette	Origo	Funksie	Evaluering		
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	goddelik	lokalisering						
naamse e tona ya tshwanologo (die groot kultuur van verandering / in groot verandering)	tshwanologo naamse	heilige breeste (hope)	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel voorwerp lewend goddelik	emoisie	waarneming	natuur	konsentrerend	goed
diapara tsa burraurana di ile (ons vaders se kleres is weg)	verskuil diapara	tshwanologo	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	voorwerp versameling ding	emoisie	waarneming	kultuur en lewensbeskouing	konsentrerend	goed
ga setse dikhai di re bufang (wat daar is, is die kleres wat ons anders verbind)	ga setse verbind met N dikhai	kultuur tshwanologo dikhai	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	voorwerp versameling ding	waarneming	handeling	kultuur en lewensbeskouing	konsentrerend	goed
di re khinang (wat ons niechalter/ wat ons bewegings belemmer)	verskuil khinang	khinang verbind met N	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	menslik dierlik	emoisie	handeling	kultuur en lewensbeskouing	konsentrerend	goed
di re Subuloke arole (dit bind ons lyke vas/ dit belemmer ons beweging)	verskuil Subuloke	dikhai Subuloka verbind met N	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel voorwerp ding	waarneming	handeling	kultuur en lewensbeskouing	verduidelikend	goed
re keetse; dikhai tsa runa tsa dilei (gee vir ons, ons versoenende, die sleutel/ons wil ons sê hê.)	verskuil dikhai	kultuur	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel ding	emoisie	handeling	kultuur en lewensbeskouing	konsentrerend	redelik
thokwana kgulo di bonye leriti (die groot tranees glim in die donker/ soos dans ons.)	verskuil thokwana	batho	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	menslik dierlik	emoisie	handeling	natuur	konsentrerend	goed
keletse ya nna pitse (as die begeerte hê perds)	keletse pitse		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	konkreet stofflik voorwerp lewend dierlik	emoisie	handeling	kultuur en lewensbeskouing	konsentrerend	goed
ke pagama/ka maatla ka etsa phologolo ya lekau (ek klim op met die krag wat is soos die van 'n jong wildbeest/dier)	verskuil phologolo	motho	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	menslik dierlik	emoisie	handeling	natuur	verduidelikend	swak
ka ijela moyau (dan les ek self my dors / ek maak dan die geluk)	ijela verbind met N moyau		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	konkreet temporeel stofflik voorwerp dierlik ding	emoisie	handeling	natuur	verrykend	baie goed

4. Konteks

Die konteks waarin die beeldspraak gebruik word, speel 'n belangrike rol in hierdie gedig, omdat:

- (i) die verskuilde tenor dikwels in die konteks van die hele gedig gegee word;
- (ii) die parallelisme dikwels eksplisiet gegee word, byvoorbeeld "ke pagama!ka maatla ka etsa phôlôgôlô ya lekau";
- (iii) die parallelisme word dikwels in die konteks van die gedig uitgebrei word: "diaparo tsa barraarona" en "dikhai";
- (iv) die tenor soms ook herhaal word, vergelyk die titel en eerste vers:

TŠHWANOLOGÔ

A namane e tona ya tšhwanologô

- (v) die funksionele, strukturele en TG raamwerk van die beeldspraak deur die konteks gedetermineer word.

Die konteks speel op die volgende gebiede 'n belangrike rol in die bepaling van die gehalte van die beeldspraak:

- (i) die verskuilde tenor verhoog die waarde van die beeldspraak;
- (ii) die mediator verhoog die duidelikheid van die parallelisme, maar dit verskraal die trefkrag daarvan;
- (iii) die parallelisme wat in die konteks uitgebrei word, verlaag die gehalte van die beeldspraak;
- (iv) die herhaling van die tenor verlaag die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Buitetaalse gegewens speel 'n belangrike rol in die vorming en interpretasie van beeldspraak in hierdie gedig. Die digter maak van bepaalde buitetaalse gegewens gebruik om beeldspraak te vorm. Hierdie gegewens het 'n invloed op die stimuli, parallelisme, origo en konteks van die gedig. "Diapara tsa borraarona di ile" kan nie geïnterpreteer word as die ontvanger nie kennis dra van hierdie veranderinge nie. Die buitetaalse gegewens is aanvullend ten opsigte van die konteks.

6. Situasië

Die Batswana trek deesdae Westerse klere aan, terwyl die digter terugdink aan die velle wat sy voorvaders gedra het. In die lig van hierdie buitetaalse gegewens kan die hele gedig geïnterpreteer word.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur van die beeldspraak sluit die volgende aspekte in:

- (i) die funksionele raamwerk;
- (ii) die strukturele raamwerk;
- (iii) die TG raamwerk met die reëloorskryding binne die TGG;
- (iv) die stimuli;
- (v) die parallelisme;
- (vi) die origo van die fokus;
- (vii) die konteks waarin die uiting voorkom;
- (viii) die buitetaalse gegewens wat 'n rol speel by die vorming van die uiting;
- (ix) die situasie waarin die uiting gebruik word;
- (x) en die logiese en psigologiese betekenisveld van die uiting;

Nadat die betekenisstruktuur van 'n uiting bepaal is, kan die volgende bepaal word:

- (i) die versteekte tenor;
- (ii) die volle semantiese en sintaktiese waarde;
- (iii) die funksie van die uiting;
- (iv) en die gehalte van die beeldspraak in die uiting.

B. Funksie

Die funksie van die beeldspraak kan slegs bepaal word, nadat die begripstruktuur van die uiting bepaal is.

Die funksies van die beeldspraak is sō verdeel:

verryking 1; konsentrering 7 en verduideliking 2.

Die funksie speel saam met die begripstruktuur 'n belangrike rol om die gehalte van die gedig te bepaal (vergelyk tabel 1 p 52).

C. Evaluering

Die beeldspraak wat 'n verrykingsfunksie het, het 'n goeie begripstruktuur, daarom word dit as baie goeie beeldspraak geklassifiseer. In hierdie gedig is net een voorbeeld van baie goeie beeldspraak. Beeldspraak met 'n konsentreringsfunksie wat 'n goeie begripstruktuur het, kan as goeie beeldspraak beskou word. Die gedig het sewe sulke voorbeelde (vergelyk tabel 1 p 52).

"Re neeleng di koloi tsa rona tsa dilei" het 'n eksplisiete figuurlike parallelisme, daarom misluk dit (vergelyk tabel 1 p 52).

Een van die twee voorbeelde van die beeldspraak met 'n konsentreringsfunksie, het 'n geslaagde begripstruktuur en kan as goeie beeldspraak bestempel word, die ander een daarenteen misluk en word as redelik bestempel (vergelyk tabel 1 p 52). In die lig van bogenoemde kan die gedig en die beeldspraak daarin, as goed bestempel word.

Die veranderinge wat in die titel van die gedig gestel is, is deur die inhoud van die gedig en die beeldspraak daarin versterk en bevestig.

2.3.0. NGWAGA O MOŠA / NUWE JAAR

2.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel oor die koms van die nuwe jaar soos dit deur die Christendom gevier word. Dit is 'n weerspieëling van die sender se ervaring en gedagtes om die Nuwejaarsfees. Hoewel dit oor die Christelike Nuwejaar handel, word dit binne die milieu van die Batswana geplaas.

Die gedig bestaan uit ses strofes met vier verse elk.

In die eerste strofe kondig die klokgelui die jaarwisseling aan.

In die tweede strofe word daar oor die ou jaar gedink. Die jaar waarvan hy nie gehou het nie is verby. Die ou jaar sal in die nuwe jaar geen invloed op hom hê nie.

Die derde strofe handel oor die sender wat sy skuilplek verloor.

Hierdie strofe vind aansluiting by die vorige.

Die vierde strofe spreek van die digter se verlange na die nuwe jaar.

In die vyfde strofe spreek die sender sy blydschap uit omdat hy nog lewe.

Die laaste strofe handel oor die sender se vrese vir die dood.

In hierdie gedig word die ou jaar en nuwe jaar teenoor mekaar gestel.

Ou jaar

"Re letse re fitlha Ngogola".

Letterlike vertaling: Ons het gister die ou jaar begrawe.

"Ngogola sia"

Letterlike vertaling: Ou jaar hard= loop weg.

"Bo robetse lošong maloba".

Letterlike vertaling: Hulle slaap in die dood van gister.

Vrye vertaling: Baie (mense) is lankal dood.

Nuwe jaar

"di mo lelela"

Letterlike vertaling: Die klokke lui vir hom (die nuwe jaar).

"Moeng goroga"

Letterlike vertaling: Kom in vreemdeling.

2.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor en 'n naamwoord as fokus

VOORBEELD

1. "re letse re fitlha Ngogola"

VERTALING

Letterlike vertaling: ons het gister die ou jaar begrawe

Vrye vertaling: die ou jaar is verby

2. "ke a go atla"

Letterlike vertaling: ek verwelkom jou

B. Tenor en werkwoord as fokus

VOORBEELD

1. "bohutsana othe bo a ba wela"

VERTALING

Letterlike vertaling: asof die hartseer op hulle val

Vrye vertaling: hulle is hartseer

2. "Ngogola sia"

Letterlike vertaling: ou jaar hard= loop weg.

Die reëloorskryding binne die TGG het dus deur die volgende inherente eienskappe plaasgevind: konkreet, temporeel, stoflik, voorwerp, lewend, menslik en dierlik.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die haat teenoor die ou jaar en die verwagting vir die nuwe jaar prikkel die sender om die verborge ooreenkoms tussen "Ngogola" en "sia" te soek (vergelyk p 23-24 en tabel 2 p 65).

2. Parallelisme

Die ou jaar snel vinnig ten einde. Hierdie beweging of handeling vorm die parallelisme tussen die tenor en fokus (vergelyk p 24-25 en tabel 2 p 65).

3. Origo

Die origo van die fokus "sia" is in die meting van die tyd opgesluit. Die meting van tyd is 'n deel van kultuur en lewensbeskouing (vergelyk p 25-27 en tabel 2 p 65).

4. Konteks

In die konteks van die gedig word die ou jaar as 'n gehate vyand geskets, terwyl die nuwe jaar 'n liefpling is.

5. Buitetaalse gegewens

In hierdie gedig simboliseer die gelui van die kerkklok die wisseling van die jaar. Die buitetaalse gegewens is in hierdie gedig ondergeskik aan die konteks, omdat die buitetaalse gegewens ook deur die konteks gegee word.

6. Situasië

Die beeldspraak word in die dampkring van die Christelike Westerse lewens- en wêreldbeskouing geplaas. Die konteks bevestig hierdie vermoede want daar is sprake van klokke wat lui. In hierdie gedig is die situasie ondergeskik aan die konteks.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur dui op die haas van die sender. Hy wil die ou jaar agter die rug kry, sodat die nuwe met sy nuwe geleenthede na vore kan tree.

E. Funksie

In plaas van om die haat teenoor die ou jaar uit te spreek, konsentreer die digter dit in "Ngogola sia".

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak, omdat die werkwoord as fokus die beeldspraak dinamies maak. Die gebrek van die beeldspraak is in die herhaling van die fokus en parallelisme geleë.

2.3.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Ke a go atla" Ek verwelkom jou.

Om die skematiese voorstelling van die struktuur te kan gee, moet die voorwerpsmorfeem met die voorwerp vervang word.

"Ke a go atla" word dan "Ke atla ngwaga o moša"

Ek verwelkom jou Ek verwelkom die nuwe jaar

Die voorwerpsmorfeem "go" verwys na "wena". Binne die konteks van die gedig verwys dit na "ngwaga o moša". Hierdie vervanging word gedoen sodat die verskuilde fokus na vore kan tree.

A. Funksionele raamwerk

Ke atla ngwaga o moša

A raam B fokus C bolster

Die tenor is "atla", terwyl die bolster die adjektiefrelatiewe groep "o moša" is (vergelyk p 18-21).


B. Strukturele raamwerk

S ---> werkwoord

---> gesegde

Die grammatikale struktuur van Setswana bring mee dat die fokus in die raam verskuil is. Die fokus word deur die voorwerpsmorfeem van die tweede persoon nl. "go" verteenwoordig. In hierdie voorbeeld is dit "ngwaga o moša" (nuwe jaar). Nadat die voorwerpsmorfeme met die ooreenstemmende voorwerpsgroep vervang is, lees die sin "Ke atla ngwaga o moša". Dan lyk die strukturele raamwerk so:

sin --> ke atla ngwaga o moša



C. TG raamwerk

S → V

Nadat die objekmorfeem "go" met die naamwoord wat dit verteenwoordig vervang is, lees dit:

"Ke atla ngwaga o moša" (vergelyk p 59 nr. B)

S → V + N + BP

→ b + o + q

Aanvullend tot die kategoriele kenmerke het die TGG reëloorskryding ten opsigte van die volgende inherente eienskappe plaasgevind: konkreet, temporeel, stoflik, voorwerp, lewend, menslik en dierlik (vergelyk tabel 2 p 65).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Blydskap stimuleer die digter om die beeldspraak met "ke atla" as tenor en "ngwaga" as fokus te skep.

Blydskap is 'n emosie en word as sodanig geklassifiseer (vergelyk p 23-24 en tabel 2 p 65).

2. Parallelisme

Die digter as sender maak van die betekenisonderskeiding in die tenor gebruik van die parallelisme, "om te soen", om beeldspraak te skep. Die parallelisme is dus 'n handeling (vergelyk p 24-26 en tabel 2 p 65).

3. Origo

Die origo van die fokus is in die nuwe jaar. 'n Jaar is die meting van tyd en dit is 'n deel van die kultuurhandeling van die mens. Die origo is dus in die kultuur en lewensbeskouing van die mens ontleen (vergelyk p 26 - 27 en tabel 2 p 65).

4. Konteks

Sonder die konteks is dit onmoontlik om te bepaal waarheen die onderwerpsmorfeem "go" verwys. Die nuwe jaar en die verwelkoming word soveel keer herhaal dat die beeldspraak eksplisiet word.

Vergelyk die volgende verse:

"Ngwaga o moša, tlaa tlhe ke a go atla,
moeng goroga, nna ke a go balla,"

Letterlike vertaling: Nuwe jaar, kom tog ek verwelkom jou.
Kom aan, vreemdeling, ek soek jou.

5. Buitetaalse gegewens

Die digter as sender en sy leser as ontvanger, weet dat 'n jaar nie gesoen of verwelkom kan word nie. Hierdie feit beklemtoon die reëloorskryding wat tot die beeldspraak lei (vergelyk TG raamwerk hierbo).

6. Situasië

"Ke a go atla" verwys na die jaar se wisseling. Die situasie waarin dit gebruik word, word oorheers deur die konteks, want die situasie word uit die konteks afgelei.

7. Begripstruktuur

Die verteller is bly oor die aanbreek van die nuwe jaar. Hy hoop dat dit 'n beter jaar as die vorige sal wees (vergelyk p 37).

E. Funksie

Die beeldspraak het 'n verrykingsfunksie, omdat die parallelisme "Ke atla" die liefde vir en, die blydschap oor, die nuwe jaar uitspreek. 'n Soen is immers die begroetingsvorm wat net vir geliefdes gereserveer word, met so 'n verwelkoming word die sender se verwagtings vir die nuwe jaar beklemtoon.

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak slaag op die funksionele en strukturele vlak. Dit word as goeie beeldspraak bestempel omdat:

- (i) die fokus in 'n voorwerpsmorfeem verskuil is;
- (ii) die parallelisme en stimulus semanties ver van mekaar verwyder is;
- (iii) die parallelisme en fokus in die teks herhaal word.

2.2.3.3. Voorbeeld met vertaling

"Moeng goroga"

Letterlike vertaling: Kom aan vreemdeling

Vrye vertaling: Breek aan nuwe jaar

A. Funksionele raamwerk

moeng goroga

B fokus C bolster

Die tenor is in die titel van die gedig verskuil, met ander woorde die aandag word heeltemal op die fokus "moeng" gevestig, waar die tenor heeltemal deur die fokus vervang word. Vanuit die titel van die gedig kan dit afgelei word dat die tenor "ngwaga" is. Hoewel die tenor deur die fokus vervang is, speel dit 'n belangrike rol in die vorming en interpretasie van beeldspraak (vergelyk p 18-21).

B. Strukturele raamwerk

sin. ---> nw.+ww

→ onderwerp + gesegde

Die verskuilde tenor word nie eers in die strukturele raamwerk aangetoon nie.

C. TG raamwerk

S ---> N+V

→ a+b

In hierdie skematiese uiteensetting is daar nog nie aan die reëloorskryding binne die TGG geraak nie, daarom moet die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items ook beskryf word. Die verskuilde tenor "ngwaga" het die volgende inherente eienskappe: [+temporeel], [-konkreet], [-stoflik], [-lewend], en [-menslik], terwyl die fokus "moeng" [-temporeel], [+konkreet], [+stoflik], [+lewend] en [+menslik] as inherente eienskappe het. Die reëloorskryding binne die TGG is in die volgende inherente eienskappe vervat: temporeel, konkreet, stoflik, lewend en menslik (vergelyk p 10; 22-23; 35-36 en tabel 2 p 65).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die digter is opgewonde oor die koms van die nuwe jaar. Hierdie opgewondenheid stimuleer hom om beeldspraak oor die nuwe jaar te skep. Opgewondenheid word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 23-24 en tabel 2 p 65).

2. Parallelisme

Die gemeenskaplike semantiese aspek wat die beeldspraak tussen "ngwaga" en "moeng" stig, is die beweging van die tyd en die aankoms van die vreemdeling. Beweging is 'n handeling wat deur die tenor en die fokus uitgevoer word (vergelyk p 24-25 en tabel 2 p 65).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die tradisionele gasvryheid van die Batswana ontleen. Hierdie gasvryheid word geklas= sifiseer as kultuur en lewensbeskouing (vergelyk p 25-27 en tabel 2 p 65).

4. Konteks

Die vervangde tenor is in die konteks van die gedig verskuil. Die konteks speel dus 'n belangrike rol in die vorming en interpretasie van die beeldspraak. Sonder die konteks sou dit onmoontlik wees om die uiting "moeng goroga" as beeldspraak te identifiseer.

Die bewoeglikheid wat die parallelisme vorm, word in "gata" en "o se ka wa kokotla" herhaal. Hierdie herhaling het die waarde van die beeldspraak verlaag. Kyk op p 44.

5. Buitetaalse gegewens.

Die Batswana het altyd besoekers vriendelik ontvang en trakteeer. Die nuwe jaar word soos 'n welkome gas nader geroep.

6. Situasië

Hierdie gedig handel oor die jaarwisseling. Uit die situasie is dit duidelik dat die tenor slegs die nuwe jaar kan wees. Die situasie waarin die woorde gebruik word, word in die konteks van die gedig geskets.

7. Begripstruktuur

Die koms van die nuwe jaar maak die sender net so bly soos die koms van 'n besoeker. Elke jaar bring sy eie geleenthede en teleurstellings. Hy is bly oor die nuwe jaar, omdat hy die teleurstellings van die ou jaar vergeet het. Hy sien dus uit na die geleenthede van die nuwe jaar (vergelyk p 37-38).

E. Evaluering

Dié voorbeeld word as goeie beeldspraak beskou, omdat:

- (i) die tenor en fokus so ver van mekaar verwyder is dat dit goeie beeldspraak kan skeep;
- (ii) die stimulus 'n sterk grondslag vir die skepping van beeldspraak vorm;
- (iii) die parallelisme wat die beeldspraak skeep, vyf keer in die drie verse herhaal word.

2.3.4. PROMINENTE KENMERKE

2.3.4.1. Tabulering van die eienskappe van die beeldspraak in die gedig

(Vergelyk tabel 2 p 65)

2.3.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus skep die moontlikheid vir die ontstaan van beeldspraak. In hierdie gedig is die stimuli van al vyf die voorbeelde van beeldspraak aan die menslike emosie ontleen. Hoewel die stimuli 'n belangrike rol speel in die vorming van beeldspraak, vorm dit slegs 'n deel van die begripstruktuur. Die feit dat die stimuli slegs 'n bydraende faktor in die vorming van beeldspraak is, word goed geïllustreer deur die feit dat sommige van die voorbeelde goeie beeldspraak is, terwyl ander slegs as redelik bestempel kan word (vergeelyk tabel 2 p 65).

2. Parallelisme

Die parallelisme is daardie semantiese aspek wat die ongrammatikale sin moontlik maak. Die parallelisme en stimulus oorbrug die sintaktiese seleksiereëloorskryding op so 'n wyse dat die ongrammatikale uiting beeldspraak vorm. Al vyf die voorbeelde van beeldspraak het 'n handeling as parallelisme. Die parallelisme vorm 'n belangrike onderdeel van die beeldspraak, maar dit speel nie 'n determinante rol in die gehalte van die beeldspraak nie. Alhoewel die beeldspraak in die gedig almal dieselfde stimulus en parallelisme het, wissel die gehalte daarvan (vergeelyk tabel 2 p 65).

3. Origo

Die vier voorbeelde van beeldspraak waarvan die origo van die fokus uit die kultuur en lewensbeskouing geneem is, is goed. Die voorbeeld waar die origo uit die eienskappe (vergeelyk p 25 - 27) geneem is, as redelik getipeer kan word.

oorspronkelijk vertaling	tema of titel	Konink in de Hindia of Boeka	Matrix										Relevante in de Hindia of Boeka	Hindia	Parallelle Hindia	origo	Functie	Evaluering
			konink	tempeel	stotlik	voetwerk	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	verbeelding						
te letse te titina agogala (om het gitter die van jaar begrawe)	titina ver- bind met 2 agogala		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	stotlik konkreet voetwerk verbeelding lewend menslik dierlik goddelik	essentie	handeling	kultuur en levensbe- skouing	verduideliking	goed
behutsana ethe haa ba wela (dat die haa veer op haaie valkule is hartseer)	behutsana wela verbind met 2		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	konkreet temporeel stotlik voetwerk verbeelding lewend menslik dierlik ding	essentie	handeling	rienskap	verduideliking	redelik
agogala wa (oujaar haad p wey)	agogala wa verbind met 2		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	konkreet temporeel stotlik voetwerk lewend menslik dierlik	essentie	handeling	kultuur en levensbe- skouing	konsentrering	goed
ke a qe atia (en verweken jou)	atia verbind met 2		+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	konkreet temporeel stotlik voetwerk lewend menslik dierlik	essentie	handeling	kultuur en levensbe- skouing	verryking	goed
moeng garoga (kom in verantelling)	verskuil moeng	ngwaga	+	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel konkreet stotlik voetwerk lewend menslik dierlik ding goddelik verbeelding	essentie	handeling	kultuur en levensbe- skouing	konsentrering	goed

In hierdie gedig het die origo van die fokus alleen, nie 'n invloed op die gehalte van die beeldspraak nie.

4. Konteks

Dieselfde gedagte word dikwels binne die konteks van een strofe herhaal, byvoorbeeld:

"Ke a go atla"	Ek verwelkom jou.
"Ngwaga o moša, tlaa"	Nuwe jaar kom tog
"moeng goroga"	vreemdeling kom aan
"Nna ke a go batla"	Ek soek jou.
"gata"	trap
"gata"	trap
"O se ka wa kokotla"	Moenie aanklop nie

Sulke herhaling binne die konteks verlaag die gehalte van die beeldspraak.

Die konteks vervul die volgende funksie in die beeldspraak:

- (i) dit dui die tenor en fokus aan in samewerking met die strukturele en TG raamwerk;
- (ii) dit gee die afwesige of verskuilde tenor weer;
- (iii) dit gee die verskuilde fokus weer, bv.
"Ke a go atla"
- (iv) dit beklemtoon die figuurlike parallelisme;
- (v) die stimulus vir die vorming van die beeldspraak word uit die konteks afgelei;
- (vi) dit maak die korrekte interpretasie van die beeld= spraak moontlik.

5. Buitetaalse gegewens

Die klok wat lui om die koms van die nuwe jaar aan te dui, verskaf die dekor vir die interpretasie van die beeldspraak.

6. Situasië

Die leser moet weet dat hierdie gedig by die wisseling van die jaar afspeel. Sonder hierdie gegewens kan die gedig in die algemeen, en, die beeldspraak in die besonder, nie korrek geïnterpreteer word nie. In hierdie gedig word die situasie deur die konteks van die gedig geskep. Die titel "Ngwaga o moša" gee reeds die relevante gegewens.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur is die fokuspunt van al die vorige aspekte. Die volgende aspekte word in die begripstruktuur ingesluit:

- (i) die funksionele raamwerk;
- (ii) die strukturele raamwerk met sy parallelisme;
- (iii) die TG raamwerk met sy sintaktiese seleksiereël= oorskryding;
- (iv) die stimuli wat tot die vorming van die ongrammatiese sinne lei;
- (v) die parallelisme wat saam met die stimuli die oorbrugging van die sintaktiese seleksiereël= oorskryding moontlik maak;
- (vi) die origo van die fokus;
- (vii) die konteks waarin die beeldspraak gebruik word;
- (viii) die relevante buitetaalse gegewens wat saam met die origo en konteks die beeldspraak interpreteerbaar maak;
- (ix) die situasie waarin die uiting gevestig word.

Elke voorbeeld van beeldspraak in hierdie gedig word dus gevorm as gevolg van die wisselwerking tussen bogenoemde faktore. Met elke voorbeeld van beeldspraak tree daar telkens ander semantiese ondersteunende aspekte prominent na vore.

Die begripstruktuur van beeldspraak bestaan dus uit 'n idiosinkratiese samestelling van die vormlike en semantiese aspekte van die uiting. As die uiting 'n beroep doen op die geheue van die leser/ hoorder/ontvanger, is dit 'n voorbeeld van implisiete beeldspraak.

Nadat die begripstruktuur van die beeldspraak bepaal is, is dit moontlik om die funksies daarvan uit te wys.

B. Funksie

Een van die voorbeelde van die beeldspraak het 'n verrykingsfunksie, twee het 'n verduidelikingsfunksie en twee 'n konsenteringsfunksie (vergelyk tabel 2 p 65).

C. Evaluering

Die beeldspraak met 'n verrykings- en konsentreringsfunksie is goed. Een van die voorbeelde van die beeldspraak wat 'n verduidelikingsfunksie het is goed, terwyl die ander hoogstens as redelik bestempel kan word (vergelyk tabel 2 p. 65). In hierdie gedig word die verlede die onaangename en die hede en toekomsverwagting die aangename. Ook hier wil die digter die verlede in die "sefalana" wegpak en in die hede en toekoms lewe. Die beeldspraak in die besonder en die gedig in die algemeen, bevestig die tema wat in die titel vervat is. Die digter verwerp die verlede en gryp die hede en toekoms aan.

2.4.0. MAŠUPATSELA / DIE PADVINDERS

2.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie gedig gee die sender die ervaring van 'n lid van die Padvinders weer. Hierdie gedig handel oor 'n Britse kultuurelement wat op die jong Batswana oorgedra is. Die gedig bevat geen beeldspraak nie.

2.5.0. LENTŠWE LA MOLEDI / DIE STEM VAN DIE HUILER

2.5.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel oor verlore kulturele goedere. Hierdie gedig vertoon ook baie eienskappe van die elegie.

Die hartseer word deur die verandering veroorsaak. Dit is een van die langste gedigte in die bundel. Dit bestaan uit twaalf strofes van tien versreëls elk.

Die eerste strofe handel oor die trane wat gestort word. Hy kan nie praat nie en ruk van die hartseer.

In die tweede strofe word die trane en smart merkbaar.

In die derde strofe word daar vertel van die volke wat na die land kom om die inwoners te help.

Die vierde strofe spreek van die digter, as sender, se gebrek aan toekomsverwagting.

Die vyfde strofe gee die smart en geweld in die land weer, terwyl die digter in die sesde strofe kennis maak met die kultuur, lewens= beskouing en godsdiens van die vreemdes. Die vreemde kultuurelemente word met geweld op die Batswana afgedwing.

Die digter vee sy trane in die sewende strofe af.

Die agste strofe handel oor die weerstand teen die kultuurvermenging. In die negende strofe aanvaar die jonger geslag die Europese kultuur, terwyl die ouer geslag aan die tradisies vasklou.

Die tiende strofe vertel van die liefde van God en die skynheiligheid van sy volgelinge. Die Christene sê nie wat hulle doen nie.

Die belofte van vrede staan in die twaalfde strofe in skrilte kontras met die werklikheid.

Hierdie gedig handel hoofsaaklik oor onaangename dinge en bevestig sodanig die tema van die bundel.

Die smart van die huiler word veral deur die volgende woorde en frases binne die konteks weergegee:

ke tla lela	ek sal huil
ke se nowe matlho	sodat ek nie oë gegee word nie
ba sisimoga mmele	hulle ruk die liggaam
botlhokobogolo	groot smarte/hartseer
ke sefofu	ek is blind
wa bolawa	jy word toe doodgemaak
a se lepè lesego	hy het toe geen seën nie
re etsa phologolo	ons maak soos 'n wilde dier
ke phimole dikeledi	ek vee gewoonlik die trane af
selelo sa ngwana	die gehuil van 'n kind
a lela	hy het toe gehuil

2.5.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor en naamwoord as fokus

VOORBEELD

VERTALING

1. "ke se nowe matlho" Letterlike vertaling: sodat ek nie oë gegee word nie

B. Tenor as fokus en komparatief

VOORBEELD	VERTALING
1. "Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele."	sy woord is soos water dit vloei nie
2. "seboba mpeng se neng se mpampeediwa"	'n steekvlieg wat op die maag doodgeslaan is
3. "ke le phologolo"	as ek 'n wilde dier is
4. "ke lekaba"	ek is 'n pakos
5. "rre a gwaitse ka mpeetšhane"	pa het gewoonlik die sandaal gebruik

2.5.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

2.5.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Ke se nowe matlho"

Letterlike vertaling: Ek laat nie my oë reën nie

Vrye vertaling: Ek huil nie (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

Ke se nowe matlho
A raam B fokus

Die tenor is die werkwoord "nema" en die fokus is die naamwoord "matlho".

B. Strukturele raamwerk

S ---> werkwoordgroep
 ---> werkwoord + naamwoord
 ---> gesegde + voorwerp

C. TG raamwerk

S ---> VP
 ---> V+N
 ---> b+o

Aanvullend tot hierdie skematiese voorstelling moet die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale item bestudeer word. Die werkwoord "go nema" verbind normaalweg met 'n naamwoord wat die volgende inherente eienskappe het: [+temporeel], [+versameling], [-lewend], [-dierlik] [+ding]; [-menslik] ; "matlho" daarenteen het [-temporeel], [+versameling], [+lewend], [+menslik], [+dierlik] en [-ding].

Die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG het ten opsigte van die volgende inherente eienskappe plaasgevind: temporeel, versameling, lewend, menslik, dierlik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender verlang na die verlore kultuurgoedere. Hierdie verlange stimuleer hom om 'n parallelisme tussen die werkwoord "reën" en "oë" te soek. Verlange word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 24 en tabel 3 p 75).

2. Parallelisme

Tydens 'n storm val die reëndruppels op die aarde. As 'n persoon hartseer is val die trane uit die oë, ook op die grond. Die val van die druppels uit die wolke en oë dien as parallelisme. Drup is 'n handeling wat deur beide die wolke en oë uitgevoer word. Drup word as 'n handeling geklassifiseer (vergelyk p 24 en tabel 3 p 75).

3. Origo

Die origo van die fokus (oog) is 'n deel van die menslike liggaam en as sodanig 'n deel van die geskape werklikheid. Die origo word onder die natuur geklassifiseer.

4. Konteks

Uit die konteks van die gedig is dit duidelik dat die beeldspraak net na trane verwys. Vergelyk "selelo" en "a le mahibidu". Die konteks van die gedig verlaag die waarde van die beeldspraak, omdat dit die parallelisme eksplisiet herhaal. Hoewel hierdie herhaling die waarde van die beeldspraak verlaag, verlaag dit nie die waarde van die gedig nie (vergelyk p 44).

5. Situasië

Die digter huil oor die verlies van sy tradisionele kultuurgoedere.

6. Buitetaalse gegewens

Die Batswana bevind hulle in die verwesteringsproses, daarom verlang hulle terug na die verlede.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur van die beeldspraak vind aansluiting by die titel van die gedig. Hy snik sy smarte oor die verlore

kultuurgoedere uit. Hy probeer om die trane te keer, maar dit val soos reën (vergelyk p 37-38).

E. Funksie

Die beeldspraak het 'n verduidelikingsfunksie. Die digter verduidelik die verlange wat in die titel is, verder in die beeldspraak (vergelyk tabel 3 p 75).

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak word as goed geklassifiseer, omdat die

- (i) tenor en vehicle semanties ver van mekaar verwyder is;
- (ii) stimulus en parallelisme tot 'n hegte band tussen die tenor en fokus lei;
- (iii) konteks die parallelisme uitlig;
- (iv) beeldspraak te eksplisiet is (vergelyk p 38).

2.5.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele"

Letterlike vertaling: Sy woord soos water dit vloei nie.

Vrye vertaling: Hy kan nie praat nie.

A. Funksionele raamwerk

Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele

A raam B fokus A raam

Die raam bestaan uit die volgende dele wat 'n invloed het op die vorming van die beeldspraak:

puo tenor

ga e elele mediator

jaaka komparatief

Die fokus is die naamwoord "metse". Hierdie is 'n voorbeeld van eksplisiete beeldspraak omdat die mediator in die komparatief teenwoordig is. Hierdie is 'n voorbeeld van swak beeldspraak.

B. Strukturele raamwerk

S --> naamwoord + possessiewe betrekkingwoord + possessiewe voornaamwoord + komparatiewe betrekkingwoord + werkwoord

 --> ant. + kwalifikatiewe bepaling + deskriptiewe bepaling + ges.

 --> ow. + desk. + gesegde

C. TG raamwerk

S ---> NP+VP
 N+BP+BP+V
 N+B+PN+B+N+V
 a+q+ko+b

Bykomend tot die kategoriale kenmerke moet die inherente kenmerk van die tenor en fokus as leksikale items beskryf word.

Die tenor "puo" het die volgende inherente eienskappe:

[+temporeel] , [-stoflik] , [-voorwerp] , [+lewend] ,
 [+menslik] , [-ding] en [+goddelik] ;

die fokus "metse" daarenteë is [-temporeel] , [+stoflik] ,
 [+voorwerp] , [-lewend] , [-menslik] , [+ding] .

Die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG is in die volgende inherente eienskappe geleë: temporeel, stoflik, lewend, menslik en ding. Kyk op p 10; 22-23; 35-36 en tabel 3 p 75.

D. Semanties ondersteunende aspekte.

1. Stimulus

Hartseer stimuleer die sender om 'n figuurlike parallelisme tussen "puo" en "metse" te soek. Hartseer word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk p 24 en tabel 3 p 75).

2. Parallelisme

Die figuurlike parallelisme tussen "puo" en "metse" word eksplisiet in die mediator "ga e elele" weergegee. Die woord en die water vloei nie. Die werkwoord "ga e elele" is 'n handeling (vergelyk p 44 en tabel 2 p 75).

3. Origo

Die origo van die fokus (water) vorm 'n deel van die natuur (vergelyk p 25-27 en tabel 3 op p 75).

4. Konteks

Die mediator vorm 'n deel van die raam van die beeldspraak (kyk op p 18-21). Die mediator spel die figuurlike parallelisme eksplisiet uit. Die konteks van die beeldspraak het 'n negatiewe uitwerking op die gehalte van hierdie voorbeeld (vergelyk p 44).

5. Situasi

Die situasie word eksplisiet in die konteks uitgespel.

6. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal.

7. Betekenisstruktuur

Die beeldspraak gee die parallelisme so eksplisiet dat die uitdrukking "Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele" geen aanspraak maak op die verbeelding van die ontvanger nie. Die waarde van die beeldspraak word hierdeur verlaag.

E. Funksie

In "Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele" verduidelik die sender dat die persoon nie goed kan praat nie. Die beeld= spraak het dus 'n verduidelikingsfunksie.

F. Evaluering

Omdat die parallelisme eksplisiet weergegee word in die mediator "ga e elele" is dit 'n voorbeeld van swak beeldspraak. Hierdie uiting is wel geslaagd ten opsigte van die woordbetekenis, maar dit gaan in hierdie studie oor beeldspraak (vergelyk p 44).

2.5.4. PROMINENTE KENMERKE

2.5.4.1. Tabulering van eienskappe van die beeldspraak in die gedig

Die beeldspraak is in tabel 3 op p 75 getabuleer.

2.5.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semantiese raamwerk

1. Stimuli

In al ses die voorbeelde van beeldspraak is die stimulus wat die tenor en fokus met mekaar verbind 'n menslike emosie (vergelyk tabel 3 p 75).

2. Parallelisme

Die parallelisme is in al ses die voorbeelde van beeld= spraak 'n handeling.

Die stimuli en die parallelisme verbind die tenor en fokus.

Woord-id met vertaling	Teken en Fokus	Konteks (intra- of intertekstueel)	Matraks										Reëlsoor- skrywing (binne TGG)	Stimulus	Parallellisme	Origo	Funksie	Evaluering
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versame- ling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik						
ke se newe matluho (sodat ek nie uê gegee word nie)	newa verbind met 4 matluho		*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	temporeel versameling lewend menslik dierlik ding	emotie	handeling	natuur	verduideliking	goed
pa se nye (daka netse ga e viele (sy woorde is swas water dit vloei nie)	pa netse		*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	temporeel stoflik voorwerp lewend menslik ding	emotie	handeling	natuur	verduideliking	swak
sebuta mpeeng se neng se mpeetshane (n sterkvlieë wat op die maag doudgeslaan is)	verskuil	motha	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	menslik dierlik	emotie	handeling	natuur	konsentrering	goed
ke le phologulu (as ek 'n wilde dier is)	verskuil phologulu	motha	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	menslik dierlik	emotie	handeling	natuur	konsentrering	redelik
ke lekaba (ek is 'n patas)	verskuil lekaba	motha	*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	menslik dierlik	emotie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	konsentrering	redelik
nne a gwaite ka mpeetshane (pa het gewoonlik die sandaal gebruik/ pa het gewoonlik sandale gedra)	nne mpeetshane		*	*	*	*	*	*	*	*	*	*	lewend menslik ding	emotie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	verduideliking	swak

Hierdie verbinding vind plaas nieteenstaande die feit dat daar 'n sintaktiese seleksiereël-oorskryding binne die TGG plaasgevind het. Die parallelisme is daardie semantiese aspek wat hierdie ongrammatikale verbinding moontlik maak (vergelyk tabel 3 p 75).

3. Origo

Die origo van vier van die voorbeelde van beeldspraak is aan die natuur, en twee aan die kultuur en lewensbeskouing ontleen. (vergelyk tabel 3 p 75).

4. Konteks

Die konteks waarin 'n uiting gebruik is, het die volgende invloed op die beeldspraak in die gedig:

- (i) die aanduiding van die tenor en fokus;
- (ii) die aanduiding van die verskuilde fokus;
- (iii) dit gee die stimuli wat die totstandkoming van die ongrammatikale sinne moontlik maak;
- (iv) dit vorm die parallelisme wat die skepping van beeldspraak moontlik maak. (Hierdie moontlikheid is geskep deur die sintaktiese seleksiereël-oorskryding binne die TGG en die stimuli wat tot beeldspraak lei.)
- (v) as die parallelisme eksplisiet gegee word, het dit 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak: "Rre a gwaitse ka mpeetsane". Die mediator "a gwaitse" en die komparatief "ka" het 'n verduidelikingsfunksie, maar dit verlaag die semantiese waarde van die beeldspraak, omdat dit geen appèl op die geheue maak nie.

In hierdie gedig het die konteks 'n positiewe sowel as 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens gee die dekor waarin die beeldspraak geskep word. In hierdie gedig moet die leser slegs weet dat die gedig oor veranderende kulturele waardes handel.

6. Situasië

Die verandering op kulturele gebied het versnel.

Die digter verlang terug na die tradisionele lewenswyse.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur is die kulminasie van die strukturele en semantiese raamwerk.

Dit sluit die volgende aspekte in:

- (i) die tenor en die fokus met die sintaktiese selek= siereëloorskryding;
 - (ii) die stimuli wat die moontlikheid van beeldspraak skep;
 - (iii) die parallelisme wat die moontlikheid van beeldspraak wat deur die stimulus geskep is, laat realiseer;
 - (iv) die origo van die fokus;
 - (v) die konteks waarin die beeldspraak gebruik word, bepaal onder andere ook die woordsoorte en woord= groepsoorte en die verskillende gebruiksklasse;
 - (vi) die buitetaalse gegewens;
 - (vii) en die situasie waarin die beeldspraak gebruik is.
- Die begripstruktuur het te doen met die idiosinkratiese samestelling van elke voorbeeld van beeldspraak. Dit gee die logiese sowel as die psigologiese betekenis van elke uiting. Nadat die begripstruktuur van die beeldspraak bepaal is, kan die funksie en die gehalte bepaal word.

B. Funksie

In hierdie gedig is daar drie voorbeelde van beeldspraak met 'n verduidelikingsfunksie en drie met 'n konsentrerings= funksie.

C. Evaluering

Een van die drie voorbeelde van beeldspraak met 'n konsentreringsfunksie is goed en, die ander twee is redelik. Die drie voorbeelde van beeldspraak met 'n verduidelikings= funksie se waarde is as volg: een is goed, twee is swak. Hierdie gesig bevestig die tema wat in die titel van die bundel vervat is. Dié gedig is heelwat swakker as "TŠHWANOLOGÔ", omdat die beeldspraak

eksplisiet is en dit dikwels versiering as 'n belangrike sekondêre faktor het (vergelyk tabel 3 p 75).

2.6.0. SELELO SA TONKI / DIE LIED VAN DIE DONKIE

2.6.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie is die verhaal van Jesus se intog in Jerusalem (Matt. 21:1-12), maar die sender maak van die donkie as verteller gebruik. Hierdie gedig is 'n direkte uitvloeisel van die sendingarbeid onder die Batswana. In hierdie gedig word die verhaal in die milieu van die Batswana oorvertel. Omdat die Batswana in die proses van kerstening verkeer het, het die digter hierdie gedig geskryf. Die tradisionele godsdiens is deur die Christendom verdring. Baie van die konings het die Christendom bevorder en die heidendom ontmoedig (Schapera 1970:155-188).

Omdat hierdie gedig nie beeldspraak bevat nie, word dit nie verder bespreek nie.

2.7.0. BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Die gedigte wat oor die kultuur handel val uiteen in twee groepe:

(i) die wat oor die vermenging van kulturele elemente handel nl.

'TŠHWANOLOGO', 'NGWAGA O MOŠA' en 'LENTŠWE LA MOLEDI'; en

(ii) 'MASUPATSELA' wat oor die Padvinders handel.

Die eerste groep bevat beeldspraak, terwyl die tweede dit nie bevat nie. Daar is net een gedig naamlik, 'SELELO SA TONKI' wat oor die godsdiens handel. Hierdie gedig beskryf die koninklike intog van Jesus in Jerusalem. Hierdie gedig bevat nie beeldspraak nie.

Die beeldspraak in 'TŠHWANOLOGO', 'NGWAGA O MOŠA' en 'LENTŠWE LA MOLEDI' word nou met mekaar vergelyk:

2.7.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 4 op p 79 .

[illegible]

2.7.2. BESPREKING VAN DIE TABEL

A. Funksionele en strukturele raamwerk

Die tenor is in 72,2% van die gevalle 'n naamwoord en in 23,8% 'n werkwoord. Die fokus is in 81,0% 'n naamwoord en in 19,0% 'n werkwoord. Uit bogenoemde is dit duidelik dat naamwoorde 'n determinante rol speel in die vorming van beeldspraak (vergelyk tabel 1 p 52, tabel 2 p 65, tabel 3 p 75 en tabel 4 p 79). Nadat die beeldspraak in al die gedigte bespreek is, sal dit met dié in die bundel vergelyk word. Daar kan dan bepaal word of daar enige strukturele of funksionele wetmatigheid ten opsigte van die gehalte van die beeldspraak bestaan.

B. TG raamwerk

Die sintaktiese seleksiereëloorskryding is eweredig oor die matrys versprei. Die enigste inherente eienskap wat nie omskryf is nie, is lokatief (vergelyk tabel 4 p 79).

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die belangrikste stimulus in die groep is emosie (90,5%). Hoewel die stimuli 'n belangrike onderdeel van die beeldspraak uitmaak, speel stimuli nie 'n determinante rol in die bepaling van die gehalte van die beeldspraak nie.

2. Parallelisme

In 90,5% van die voorbeelde van die beeldspraak in hierdie groep is die parallelisme 'n handeling. As die parallelisme eksplisiet is, het dit 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak, hoewel dit nie noodwendig die gehalte van die gedig of die uiting verlaag nie. Kyk op p 44.

3. Origo

Die origo van die fokus in die gedig is 38,1% aan die natuur en 57,9% van die gevalle aan die kultuur en lewensbeskouing ontleen. Omdat hierdie groep gedigte oor die kulturele en godsdienstige veranderinge handel, is dit nie vreemd dat die origo van die fokus meestal uit die kultuur en lewensbeskouing geneem is nie. Daar is meer origo aan die

natuur ontleen as wat verwag sou word, maar daar moet onthou word dat die Batswana 'n natuurmens was. In hierdie gedig het die origo van die fokus 'n positiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak as die fokus, parallelisme en origo baie van mekaar verskil. As dit nie die geval is nie, is die beeldspraak swak (vergelyk tabel 2 p 65 en tabel 4 p 79).

4. Konteks

Die konteks het 'n positiewe sowel as 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak. In die gevalle waar die konteks 'n positiewe uitwerking het, is dit moeilik om hierdie invloed aan te toon, maar waar dit 'n negatiewe invloed het, val dit duidelik op. Die volgende negatiewe invloede is geïdentifiseer:

- (i) die tenor en die fokus is semanties te na aan mekaar;
- (ii) die stimulus en parallelisme is semanties te na aan mekaar;
- (iii) die parallelisme en die origo van die fokus is te na aan mekaar;
- (iv) die parallelisme word in die konteks uitgebrei;
- (v) die parallelisme word te eksplisiet in die raam weergegee.

Elkeen van hierdie negatiewe invloede verlaag die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Die leser moet van die buitetaalse gegewens bewus wees om die beeldspraak te identifiseer en te interpreteer; omdat sinne wat skynbaar grammatikaal korrek is, deur die buitetaalse gegewens as beeldspraak geïdentifiseer kan word.

In hierdie groep gedigte speel buitetaalse gegewens 'n ondergeskikte rol in die vorming en interpretasie van beeldspraak.

6. Situasië

Die situasie waarin 'n uiting gebruik word het 'n invloed op die identifikasie en interpretasie van die beeldspraak, omdat:

- (i) die verskuilde tenor hier opgespoor kan word;
- (ii) 'n sintaktiese seleksiereëlorskryding hier gestig kan word.

Hoewel die rol van die situasie nie ontken kan word nie, speel dit 'n ondergeskikte rol in die identifikasie en interpretasie van die beeldspraak.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur speel 'n determinante rol in die vorming, identifikasie en interpretasie van die beeldspraak in hierdie groep, omdat dit die idiosinkretiese samestelling van al die genoemde semantiese en strukturele aspekte is. Dit sluit die volgende in:

- (i) die tenor en vehicle;
- (ii) die sintaktiese seleksiereëloorskryding wat tussen die tenor en vehicle bestaan;
- (iii) die stimuli wat tot die vorming van die beeldspraak gelei het;
- (iv) die parallelisme wat die sintaktiese seleksiereëloorskryding oorbrug;
- (v) die origo van die fokus;
- (vi) die konteks;
- (vii) die situasie;
- (viii) die buitetaalse gegewens;
- (ix) die situasie waarin dit gebruik word.

Die begripstruktuur is veel meer as net die somtotaal van bogenoemde aspekte, dit sluit die logiese, sowel as die psigologiese betekenisveld van die beeldspraak in. As 'n uiting 'n verdere betekenisveld het, word dit ook in die begripstruktuur ingesluit.

Eers nadat die begripstruktuur bepaal is, kan die funksie van die beeldspraak bepaal word.

D. Funksie

Die funksie van die beeldspraak is so verdeel:

konsentrering	12	57,1%
verryking	5	23,8%
verduideliking	4	19,0%

E. Evaluering

Nadat die funksie van elke individuele voorbeeld van beeldspraak geïdentifiseer is, kan die beeldspraak in die besonder, in die gedigte, en in die algemeen geëvalueer word.

Hoewel 'TŠHWANOLOGO' een voorbeeld van baie swak beeldspraak bevat, is die beeldspraak daarin die beste in hierdie groep (vergelyk tabel 1 op p 52 en tabel 4 p 79). Hierdie gedig is ook semanties die beste in hierdie groep. Dit slaag op sowel die strukturele as die semantiese vlak, met die gevolg dat dit die boodskap (wat dit wil tuisbring) goed oordra.

'NGWAGA O MOŠA' bevat twee voorbeelde van swak beeldspraak, maar die beeldspraak in die gedig slaag in die algemeen (vergelyk tabel 2 p 65 en tabel 4 p 79). Hierdie gedig bevat 'n aantal beelde wat net 'n versieringsfunksie het, maar die gedig slaag op die strukturele en semantiese vlak. Hierdie gedig is egter heelwat swakker as die vorige.

'LENTŠWE LA MOLEDI' bevat twee voorbeelde van goeie beeldspraak maar sy beeldspraak is die swakste in hierdie groep (vergelyk tabel 3 p 75 en tabel 4 p 79). Hierdie gedig is struktureel te los en bevat te veel versieringsbeelde.

Hier is te min voorbeelde om die struktuur van goeie en swak beeldspraak met mekaar te vergelyk. 'n Vergelyking sal egter in HOOFSTUK 8 getref word om te bepaal of daar enige strukturele verskille tussen goeie en swak beeldspraak bestaan.

In hierdie groep speel die begripstruktuur 'n determinante rol in die vorming en gehalte van die beeldspraak.

HOOFSTUK 3

3.0.0. GEDIGTE WAT OOR DIE OUDERDOM EN DIE DOOD HANDEL

3.1.0. INLEIDING

Die dood en veroudering tref alle mense. Die pyn wat hiermee gepaard gaan, is universeel dieselfde, maar die manier waarop dit beskryf word, vind aansluiting by die lewens- en wêreldbeskouing van die bepaalde mens. Elke samelewing het op grond van sy lewens- en wêreldbeskouing 'n toekomsverwagting ten opsigte van die dood. Die Christelike sowel as die tradisionele godsdienste van die Batswana verkondig 'n lewe na die dood (vergelyk p 37).

Hierdie gedigte handel eerder oor die gevolge van die ouderdom en die dood as oor die ouderdom en die dood as verskynsels. Die Blanke en die Batswana ondervind die gevolge van hierdie verandering, maar elkeen beskryf dit op grond van sy eie lewens- en wêreldbeskouing. Omdat die Batswana in 'n tyd van kultureel- en godsdienstige veranderinge lewe, sal sý beskrywings elemente van die Blanke kultuur bevat.

Die gedigte in hierdie groep val uiteen in twee afdelings, naamlik:

(i) dié wat oor die gevolge van die ouderdom handel:

BOTSOFE.

(ii) dié wat oor die dood en die gevolge daarvan handel:

LOŠO; BOSIELA.

3.2.0. BOTSOFE / OUDERDOM

3.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Die verouderingsproses veroorsaak liggaamlike verswakking by die mens. In hierdie sonnet word die jeug en die ouderdom teenoor mekaar gestel. As die mens oud is, leef sy jeug in sy gedagte-wêreld voort, met ander woorde, die oumens herleef sy jeug. Die ons-verteller stel die jeug= herinneringe en die ouderdom teenoormekaar. Die jong mannetjie het oud geword. Hulle het 'n waardevermindering ondergaan. Toe hulle jonk was, het die mense hulle toegejuig, maar nou kraak hulle knieë as hulle opstaan. In die slotkoeplet, word die ouderdom en die grysheid deur die verteller aanvaar.

Binne die konteks word die swakheid en opstandigheid wat met die ouderdom gepaard gaan, deur verskillende woorde en frases beskryf:

	<u>Letterlike vertaling</u>
"botsofe"	ouderdom
"re tšhiphile"	ons het goedkoop geword
"re le batubanyana"	as ons gryses (wyfies) was
"re bannana bagolo"	onsis ou mannetjies
"re tsoga jaanong re kuakua mekgosi"	as ons opstaan kraak/raas dit
"(thobane) re di lese mabogong"	die kieres los ons in die hande
"mešweu mo ditlhogong"	wit op die koppe

Die jeug word deur die volgende woorde en frases beskryf:

"koko la bannana"	'n groep jong mannetjies
"mašeleng"	sjielings
"bakgaodisi ba mekgosana"	die beëindigers van die bietjies geskreeu

3.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor, fokus en mediator

1. "re editse mašeleng" Letterlike vertaling: ons het soos sjielings gemaak.
Vrye vertaling: ons was waardevol
2. "re le bontšhe nkoo
re le batubanyana" Letterlike vertaling: as ons volstruise was,
was ons wyfies.
Vrye vertaling: ons het grys geword
3. "fa re tsoga jaanong
re kuakua mekgosi" Letterlike vertaling: as ons opstaan skreeu ons.
Vrye vertaling: as ons opstaan kraak dit
4. "mangole a rona a setse
ipaa bosisi" Letterlike vertaling: ons knieë is reeds
swak

B. Tenor verskuil

1. "re tšhiphile" Letterlike vertaling: ons is goedkoop
2. "thobana kima re di
lese mabogong" Letterlike vertaling: die groot kieres
los ons in ons hande.
Vrye vertaling: ons leun op die groot kieres

3.2.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

3.2.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Re editse mašeleng"

Letterlike vertaling: Ons het soos sjielings gemaak.

Vrye vertaling: Ons was waardevol. (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

re editse mašeleng
A raam B fokus

Die tenor is in die onderwerpsmorfeem "re" verskuil.

"Re" verwys na "rona" wat binne die konteks van die gedig mense is. Dit kan nie as "bagolo" beskou word nie; omdat die verteller oor sy jeug en ouderdom skryf.

Die fokus is "mašeleng", terwyl "-editse" die mediator is.

B. Strukturele raamwerk

S —→ werkwoordgroep
 —→ werkwoord + naamwoord
 —→ gesegde + voorwerp

C. TG raamwerk

S —→ VP
 —→ V+N
 —→ b+o

"Batho" het die volgende inherente kenmerke:

[+ lewend] , [+ menslik] en [- ding] ; en "mašeleng" [- lewend] , [- menslik] en [+ ding].

Die reëloorskryding binne die TGG is in die volgende inherente kenmerke geleë; lewend, menslik en ding (vergelyk tabel 5 p 91).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Teleurstelling motiveer die digter om die beeldspraak te skep.
Teleurstelling word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Hoewel die mediator "-editse" wat die parallelisme vorm, 'n werkwoord is, beklemtoon dit die blinkheid en die waardevolheid van die sjielings. Die parallelisme wat die verbinding tussen "batho" en "mašeleng" moontlik maak, is dus in dié eienskappe van geld (vergelyk p 24 + tabel 5 p 91).

3. Origo

Die origo van die fokus "mašeleng" is aan die Britse geldstelsel ontleen. Geld is 'n deel van die kultuur en lewensbeskouing van die mens (vergelyk p 26 en tabel 5 p 91).

4. Konteks

Binne die konteks is dit duidelik dat die digter die jeug as waaardevol beskou, maar dat die waarde en die blinkheid daarvan afslyt. Die hele vers skep dié indruk.

"Re editse mašeleng fela re tšhiphile" Letterlike vertaling:
Ons het soos sjielings gemaak, maar ons is (nou) goedkoop.

5. Buitetaalse gegewens

Die geld "mašeleng" het in waarde verminder. Hierdie inflasionistiese toestand word ook in die parallelisme weergegee.

6. Situasië

Die verteller idealiseer die jeug, terwyl hy die ouderdom in 'n negatiewe lig stel. In hierdie voorbeeld is die situasie ondergeskik aan die konteks.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak slaan op die groot waarde wat die verteller aan die jeug heg; die ouderdom daarenteë, verminder sy waarde (vergelyk p 37).

E. Funksie

In die konteks word die kleurverandering en waardevermindering wat in die tenor "batho" en die fokus "mašeleng" intree, weergegee. Sonder om die liggaamlike aftakeling, die swakheid en die grysheid eksplisiet weer te gee, word dit net gesuggereër. Die beeldspraak het dus 'n konsentreringsfunksie (vergelyk p 28).

F. Evaluering

In die lig van die gegewens wat in die betekenisstruktuur genoem is, is dit duidelik dat dit 'n voorbeeld van goeie beeldspraak is, omdat:

- (i) die tenor "batho" en die fokus "mašeleng" semanties ver van mekaar verwyder is;
- (ii) die stimulus (emosie) verbind die tenor en fokus om 'n hegte eenheid te vorm;
- (iii) die mediator "-editse" vorm die parallelisme wat help om die beeldspraak te skep (vergelyk p 38).

3.2.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Re le bontšhe nkoo re le batubanyana."

Letterlike vertaling: As ons volstruise was, was ons wyfies/gryses.

Vrye vertaling: Ons het grys geword.

A. Funksionele raamwerk

Re le	bontšhe	nkoo re le	batubanyana
A raam	B fokus	A raam	C bolster

Die tenor is in die onderwerpskakel "re" verskuil. Omdat "re" na "rona" (ons) verwys, kan uit die konteks afgelei word dat dit na die oumense "bagolo" verwys. Die fokus is "bontšhe" (volstruise), terwyl die bolster "batubanyana" (gryses/wyfies) is.

B. Strukturele raamwerk

Bysin

```

Re le          bontšhe
|              |
kopulatiewe    naamwoord
werkwoord      |
|              |
inleidende lid  komplement
|              /
identifiserende kopulatiewe
werkwoordgroep
|
deskriptiewe bepaling
  
```

Hoofsin

```

nkoo          re le          batubanyana
|             |             |
hulpwerkwoord kopulatiewe    naamwoord
               werkwoord      |
               |             |
               inleidende lid  komplement
               /              /
               kopulatiewe    kopulatiewe
               werkwoord=      werkwoord=
               groep           groep
               |               |
inleidende lid  komplement
               /              |
hulpwerkwoord=  komplement
groep           |
               |
               gesegde
  
```

C. TG raamwerk

Re le bontšhe		nkoo re le batubanyana
S ₂	+	S ₁
S ₂ → BP		S ₁ → V+BP
→ B+N		→ b+c
→ c		→ VP+BP
		→ b

$$S \longrightarrow S_2 + S_1$$

$$\longrightarrow t + b$$

Die tenor "bagolo" het [+menslike] en [-dierlike] inherente kenmerke terwyl die fokus "bontšhe" [-menslike] en [+dierlike] inherente kenmerke het.

As "bagolo" en "bontšhe" met mekaar verbind, vind die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG in die menslike en dierlike inherente kenmerke plaas (vergelyk tabel 5 p 91).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Om die beeldspraak tussen "bagolo" en "bontšhe" te stig, maak die sender van sy liefde vir die jeug en veragting van die ouderdom gebruik. Liefde en veragting word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 24 en tabel 5 p 91).

2. Parallelisme

Om die beeldspraak tussen "bagolo" en "bontšhe" te stig, moet die stimulus (emosie) deur 'n parallelisme versterk word. Die bolster is in die kleur geleë. Die hare van die oumense en die vere van die volstruiswyfies is grys. In hierdie voorbeeld help die bolster "batubanyana" om die parallelisme te stig (vergelyk p 24-25 en tabel 5 p 91).

3. Origo

Die origo van die beeldspraak is aan volstruise ontleen. Volstruise word as 'n deel van die natuur geklassifiseer (vergelyk p 26 en tabel 5 p 91).

4. Konteks

Uit die konteks kan afgelei word dat die verteller besig is om grys te word. Hierdie grysheid of witheid word eksplisiet in die slotkoeplet weergegee. Hierdie herhaling van die adjektiefstam "sweu" verlaag die waarde van die beeldspraak (vergelyk F hieronder), maar dit maak die uitdrukking meer verstaanbaar, omdat die alledaagse semantiese eienskappe van die woorde beter weergegee word.

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet daarvan bewus wees dat die volstruiswyfie grys is. Die wyfie, trouens die hele vroulike geslag word deur die Batswana as minderwaardig beskou.

6. Situasie

'n Bejaarde persoon dink terug aan sy jeug. Die jeug word geïdealiseer, terwyl die ouderdom gering geskat word. Die situasie word binne die konteks van die gedig geskets.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur is die kulminasie van alle strukturele en semantiese aspekte wat 'n rol gespeel het in die totstandkoming van die beeldspraak (vergelyk p 37+38).

E. Funksie

Nadat die betekenisstruktuur van die beeldspraak bepaal is, is dit duidelik dat dit 'n verduidelikingsfunksie het (vergelyk p 28).

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak, omdat:

- (i) die tenor "bagolo" en die fokus "bontšhe" semanties ver van mekaar geleë is;
- (ii) die witheid en grysheid in die konteks herhaal word, word die waarde van die beeldspraak verlaag (vergelyk p 38).

3.2.4. PROMINENTE KENMERKE

3.2.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Die beeldspraak in die gedig word in tabel 5 op p 91 saamgevat.

3.2.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In hierdie gedig het vier van die voorbeelde emosie en die res waarneming as stimulus. Die voorbeelde wat emosie as stimulus het, is aansienlik beter as dié wat waarneming as stimulus het.

2. Parallelisme

Die parallelisme beklemtoon daardie semantiese aspek in die semantiese velde van die tenor en fokus wat die oorbrugging

BPPEDERNAAM																	
Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situatie Situasie gegewens	Matriss									Reëlroo- skryding binne TGC	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	goddelik	lokaal					
re editse mašeleŋ (ons het sous sjiellings gemaak)	verskuil mašeleŋ	batšo	+	-	+	-	-	+	+	-	-	lewend menslik ding	emošie	eienskap	kultuur en lewensbe- skouing	konsentrering	goed
re tšhiphile (ons is goedkoop)	verskuil tšhiphile verbind met n	bagolo	+	-	+	+	-	+	+	-	-	versameling lewend menslik	emošie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	konsentrering	goed
re le bontšhe nkoo re le batubanyana (as ons vol- struise was, was ons wj- fies)	verskuil bontšhe	bagolo	+	-	+	+	-	+	+	-	-	menslik dierlik	emošie	eienskap	natuur	verduideliking	goed
thubane kina re di lese mabogung (die groot kieries los ons in die hunde)	verskuil thubane	bagolo	-	+	+	-	-	+	+	-	-	konkreet temporeel voorwerp ding lewend menslik	emošie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	verduideliking	goed
fa re tšoga jaanong re kuukua mekgosi (as ons opstaan dan skree ons)	verskuil tšoga verbind met n	bagolo	-	+	+	+	-	+	+	+	+	konkreet stoflik voorwerp lewend menslik	waarneming	handeling	natuur	verduideliking	redelik
zangole a rona a setse a ipaa bosisi (ons knieë is reeds swan)	mangule bosisi		+	-	+	+	-	+	+	+	-	konkreet versameling ding temporeel stoflik voorwerp lewend menslik dierlik	waarneming	handeling	natuur	verduideliking	redelik

van die sintaktiese seleksiereëloorskryding moontlik maak. In vier van die voorbeelde is die parallelisme 'n handeling en in twee, 'n eienskap. Daar kan geen patroon of wetmatigheid oor die invloed van hierdie parallelisme op die gehalte van die beeldspraak gevind word nie (vergelyk tabel 5 op p 91 en tabel 8 op p 114).

3. Origo

Die origo van die fokus is gelykop verdeel tussen die natuur en kultuur en lewensbeskouing (vergelyk tabel 5 op p 91 en tabel 8 op p 114).

4. Konteks

Die konteks waarin die beeldspraak in die gedig gebruik word, verlaag die gehalte daarvan, omdat die parallelisme daarin uitgebrei word. Die parallelisme kan in hierdie uitbreiding so eksplisiet weergegee word, dat die beeld al die eienskappe van beeldspraak verloor, byvoorbeeld:

"Meriri ya rona mešweu mo ditlhogong,
E mešweunyana jaaka bošweu ba mašwi."

(Ons hare, is wit op die koppe
Dit is witterig soos die witheid van melk.)

In hierdie voorbeeld is die figuurlike parallelisme deur die konteks vernietig. Dit het ook die waarde van

"Re le bontšhe nkoo re le batubanyana."

(As ons volstruise was, was ons wyfies.) verlaag (vergelyk 3.3.3.2.).

Die konteks het die volgende invloed op die vorming van beeldspraak:

- (i) die tenor en fokus word hierin gevind;
- (ii) die versteekte tenor kan uit die konteks afgelei word;
- (iii) die stimulus vir die vorming van die beeldspraak kan hierin gevind word;
- (iv) dit vorm die parallelisme wat tussen die tenor en fokus kom staan;
- (v) dit bou die brug wat die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG moontlik maak.

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet vertrouwd wees met die natuur en die

veranderingsproses wat aan die gang is, om die beeldspraak beter te verstaan. Die buitetaalse gegewens is aanvullend tot, maar ondergeskik aan die konteks.

6. Situasië

Die situasie word in die konteks van die gedig geskep.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur is die kulminasie van alle sintaktiese en semantiese aspekte wat 'n rol speel in die vorming van beeldspraak. Dit sluit die volgende in:

- (i) die tenor en fokus van die beeldspraak;
- (ii) die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG;
- (iii) die stimulus wat tot die vorming van beeldspraak lei;
- (iv) die semantiese aspekte in die tenor en fokus wat die figuurlike parallelisme vorm;
- (v) die mediator en komparatief en die rol wat hulle vervul in die vorming van beeldspraak;
- (vi) die origo van die fokus;
- (vii) die konteks waarin die beeldspraak gebruik word;
- (viii) die volle semantiese veld van die tenor, fokus en parallelisme wat by die vorming van beeldspraak gemoeid is;
- (ix) die volle semantiese veld van die gedig;
- (x) die buitetaalse gegewens en situasie wat 'n rol speel in die vorming van beeldspraak;
- (xi) dit sluit die logiese en psigologiese betekenis van al die woorde, woordgroepe en sinne in die gedig in.

Die begripstruktuur moet eers bestudeer word voordat die funksies van die beeldspraak bepaal kan word.

B. Funksie

Nadat die begripstruktuur bestudeer is, is bevind dat twee voorbeelde konsentrering en vier, verduideliking as hooffunksie het.

C. Evaluering

Elke voorbeeld van beeldspraak het sy eie idiosinkretiese samestelling daarom kan die beeldspraak eers geëvalueer word nadat die begripstruktuur en funksies bestudeer is. Daar is bevind dat die volgende aspekte 'n negatiewe uitwerking op die gehalte van die beeldspraak het:

- (i) as die tenor en fokus semanties te na aan mekaar geleë is, verswak dit die beeldspraak;
- (ii) as die stimulus en parallelisme te na aan mekaar geleë is, verswak dit ook die beeldspraak;
- (iii) eksplisiete parallelisme verlaag die gehalte van die beeldspraak. Dit kan selfs die eienskappe van beeld=spraak in 'n bepaalde uiting vernietig;
- (iv) beeldspraak met 'n versieringsfunksie is gewoonlik swak. Die versieringsfunksie kan selfs die figuurlike parallelisme vernietig. Die gedig "BOTSOFE"

bevestig die tema van die bundel. Die verteller se jeug is in die "sefalana" weggepak, terwyl die ouderdom oorgebly het.

Hierdie is 'n goeie gedig met voorbeelde van goeie beeldspraak.

3.3.0. Lošo / DOOD

3.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig het die eienskappe van 'n elegie (Grové 1963:23). Die digter snik sy smart oor die dood van 'n vriend uit.

Die gedig bestaan uit vyf strofes van agt versreëls elk.

In die eerste strofe spreek die digter sy skok en hartseer oor die dood van 'n vriend uit. Hy is stomgeslaan deur hierdie verlies.

In die tweede strofe vind hy daartroos in dat alle mense eendag sal sterwe. Party mense sterf net jonger en vroeër as ander.

Die derde strofe handel oor die feit dat die dood alle mense besoek.

Die Westerse gewoonte om blomme op 'n graf te plaas, vind hier neerslag.

Die groot veranderinge wat met die dood intree, word beskryf. In die graf is alle mense bene en wurmkos.

In die vierde strofe word die sombere prentjie van die mens geskets.

'n Hoop klippe is die enigste teken dat daar 'n mens begrawe is.

Hierdie vyf strofes verteenwoordig 'n ontwikkeling in die sender se siening van die dood. Hy begin met 'n skokgevoel en eindig met die

algehele aanvaarding van die dood. In die konteks van die gedig word die dood deur verskillende woorde en woordgroepe beskryf:

lošo	Letterlike vertaling: dood
ka tšhoga	Letterlike vertaling: ek skrik toe
ka nyera moka	Letterlike vertaling: ek het toe versag die murg
	Vrye vertaling: ek het swak geword
karothisa keledi	Letterlike vertaling: ek het toe trane laat rol/drup

phupu	Letterlike vertaling: graf
mo lošong	Letterlike vertaling: in die dood
marapo	Letterlike vertaling: bene
mairwa maje	Letterlike vertaling: hoop klippe
ke mmu	Letterlike vertaling: ek is grond

Die psigologiese betekenis slaan op die onafwendbare gelykskakeling deur die dood. Alle mense word deur die dood besoek en van almal bly slegs 'n hupie klippe oor.

3.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

- | | |
|----------------------------|--|
| 1. "ka nyera moko" | Letterlike vertaling: ek versag die murg
Vrye vertaling: ek het swak geword |
| 2. "lefatshe la ntšhofala" | Letterlike vertaling: die wêreld verswart toe
Vrye vertaling: toe word ek moedeloos |
| 3. "ga le phatsime" | Letterlike vertaling: dit blink nie |
| 4. "ga le dume" | Letterlike vertaling: dit dreun nie |
| 5. "lo rena" | Letterlike vertaling: dit regeer |
| 6. "mó phupung ké mmu" | Letterlike vertaling: in die graf is ek
grond. |

B. Tenor, fokus en mediator

- | | |
|---|--|
| 1. "leitlho la me la benya
jaaka naledi" | Letterlike vertaling: my oog blink toe
soos 'n ster |
| 2. "sengwe sa seba pelong
khubidu ya me" | Letterlike vertaling: iets fluister toe in
my rooi hart |

C. Tenor en 'n naamwoord as fokus

- | | |
|-------------------|---|
| 1. "leru la lošo" | Letterlike vertaling: die wolk van die dood |
|-------------------|---|

3.3.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

3.3.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Ka nyera moko"

Letterlike vertaling: Ek versag toe die murg.

Vrye vertaling: Toe word ek swak.

A. Funktionele raamwerk

ka nyera	moko
B fokus	C bolster

Die tenor is verskuil, maar die onderwerpsmorfeem "ka" dui daarop dat dit "nna" is. Uit die vertellersperspektief is dit duidelik dat "nna" na "motho" verwys. Die fokus is die werkwoord "-nyera" en die bolster die naamwoord "moko".

B. Strukturele raamwerk

S $\longrightarrow$ werkwoordgroep
 $\longrightarrow$ werkwoord + naamwoord
 $\longrightarrow$ gezegde + voorwerp

C. TG raamwerk

S $\longrightarrow$ VP
 $\longrightarrow$ V+N
 $\longrightarrow$ b+o

"Motho" het die volgende inherente kenmerke.

[+temporeel] , [+lewend] en [+menslik] , terwyl "-nyera" met 'n naamwoord verbind wat [-temporeel] , [-lewend] en [-menslik] is. Die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG is in die volgende inherente kenmerke geleë:

temporeel, lewend en menslik (vergelyk tabel 6 op p 103).

D. Semanties ondersteunende aspecte

1. Stimulus

Die stimulus (emosie) skep die moontlikheid vir die tenor "motho" en die fokus "-nyera" om te verbind (vergelyk tabel 6 op p 103 en p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme (handeling) oorbrug die sintaktiese seleksiereëloorskryding binne die TGG om die beeldspraak te stig (vergelyk tabel 6 op p 103 en p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die natuur ontleen (vergelyk p 25-27 en tabel 6 p 103).

4. Konteks

Uit die konteks is dit duidelik dat die sender hartseer is. Die werkwoord "ka nyera" (ek versag toe) gee reeds die gevoel van hartseer weer, maar dit word versterk deur:

- (i) "ka rothisa keledi" (ek het toe tranes laat drup/vloei;
- (ii) "lefatshe la ntšhofala" (die aarde verswart toe)
- (iii) "leitlho la me la benya jaaka naledi" (my oog blink toe soos 'n ster.

In die lig van bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die parallelisme in die konteks uitgebrei word. Die konteks verlaag sodoende die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Sedert die sondeval is die hele mensheid aan die dood, siekte en hartseer onderworpe. Alle gemeenskappe ervaar hartseer, maar beskryf dit vanuit sy eie lewens- en wêreldbeskouing. Omdat die Batswana in 'n tyd van kulturele en godsdienstige verandering leef, kan dit verwag word dat die sender sy beeldspraak aan die tradisionele en Westerse kultuur sal ontleen. Die buitetaalse gegewens is in hierdie voorbeeld ondergeskik aan die konteks.

6. Situasië

Die sender het verneem dat sy vriend gesterf het, daarom is hy baie hartseer. Die situasie beklemtoon juis hierdie hartseer. Die situasie is aanvullend tot die konteks maar ondergeskik daaraan.

7. Begripstruktuur

Nadat al die strukturele en semantiese aspekte wat 'n rol speel by die vorming van beeldspraak bestudeer is, word dit duidelik dat die logiese en psigologiese betekenis van die uiting op die verwerking van die hartseer slaan.

E. Funksie

Die volle omvang van die hartseer word in hierdie voorbeeld verduidelik. Die beeldspraak het dus 'n verduidelikingsfunksie (vergelyk tabel 6 op p 103).

F. Evaluering

Hierdie kan as 'n voorbeeld van goeie beeldspraak bestempel word, omdat:

- (i) die tenor en fokus ver van mekaar verwyder is;
- (ii) die stimulus en parallelisme ver van mekaar verwyder is;
- (iii) die sintaktiese seleksiereëloorskryding wat deur die stimulus en parallelisme oorbrug is, goeie beeldspraak vorm;
- (iv) die waarde van die beeldspraak deur die konteks verlaag word, omdat die parallelisme daarin herhaal word;
- (v) die situasie en buitetaalse gegewens ook die waarde van die beeldspraak verlaag deur herhaling.

3.3.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Leitlho la me la benya jaaka naledi."

Letterlike vertaling: My oog blink toe soos 'n ster.

Vrye vertaling: Ek het toe gehuil/Daar was trane en my oë.

A. Funksionele raamwerk

Leitlho la me la benya jaaka	naledi
A raam	B fokus

Die tenor is "leitlho", terwyl "la benya" die mediator is.

"Jaaka" is die komparatief en "naledi" die fokus.

B. Strukturele raamwerk

S → naamwoordgroep + werkwoord + komparatiewe betrekkingwoordgroep

→ naamwoord + possessiewe betrekkingwoordgroep + werkwoord + komparatiewe betrekkingwoordgroep

→ antesedent + kwalifikatiewe bepaling + gesegde + deskriptiewe bepaling

→ onderwerp + gesegde + deskriptiewe bepaling

C. TG raamwerk

S → NP + VP

→ a+q+b+ko

"Leitlho" het die volgende inherente eienskappe: [+lewend], [+menslik] en [+dierlik], terwyl "naledi" [-lewend], [-menslik] en [-dierlik] is.

Die sintaktiese seleksiereël-oorskryding binne die TGG is dus op die lewende, menslike en dierlike vlak (vergelyk tabel 6 p 103).

D. Semantiek

1. Stimulus

Om "leitlho" (oog) en "naledi" (ster) met mekaar te verbind, maak die sender van emosie gebruik (vergelyk tabel 6 op p 103 en p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat saam met die stimulus (emosie) die sintaktiese seleksiereël-oorskryding oorbrug, is in die werkwoord "la benya" geleë. Dit kan as 'n handeling beskryf word. Hierdie parallelisme is eksplisiet omdat dit in die konteks weergegee is.

Hierdie eksplisiete parallelisme verlaag die waarde van die beeldspraak (vergelyk tabel 6 op p 103).

3. Origo

Die origo van die fokus "naledi" is aan die natuur ontleen.

4. Konteks.

Die konteks het die volgende invloed op die beeldspraak:

- (i) dit vorm die tenor en fokus van die beeldspraak;
- (ii) die mediator "la benya" vorm 'n eksplisiete, figuurlike parallelisme;
- (iii) die teenwoordigheid van die komparatief "jaaka" het ook 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Omdat die nodige gegewens eksplisiet in die konteks weergegee word, speel die konteks byna geen rol in die vorming van hierdie beeldspraak nie.

6. Situasië

Die sender het verneem dat sy vriend gesterf het, daarom is hy baie hartseer. Die situasie word deur die konteks geskep.

"Lošo" het die volgende matrys: [-konkreet], [-stoflik] , [-voorwerp], en [-ding] , terwyl "leru" [+konkreet] , [+stoflik] , [+voorwerp] en [+ding] is.

Die sintaktiese seleksiereëloorskryding is in die volgende matrys geleë: konkreet, stoflik, voorwerp en ding (vergelyk tabel 6 op p 103).

D. Semantiek

1. Stimulus

Om die tenor "lošo" en die fokus "leru" met mekaar te verbind, maak die sender van vrees en hartseer as stimuli gebruik. Vrees en hartseer word as emosie geklassifiseer (vergelyk tabel 6 op p 103).

2. Parallelisme

Om die tenor en die fokus met mekaar te verbind, moet die moontlikheid wat deur die stimulus geskep is, met behulp van die parallelisme realiseer. Hierdie parallelisme is geleë in die verdonkering wat die dood en die wolk teweegbring. Verdonkering word as 'n handeling geklassifiseer (vergelyk tabel 6 op p 103).

3. Origo

Die origo van die fokus "leru" is aan die natuur ontleen (vergelyk tabel 6 op p 103).

4. Konteks

Die eienskappe van die fokus word deur verskillende woorde en frases beklemtoon:

"le tla nako nngwe fela."	dit kom net eenkeer.
"ga le phatsime"	dit blink nie
"ga le dume"	dit dreun nie

Die tenor "lošo" word met 'n aantal werkwoorde beskryf:

"lošo lo rena"	die dood regeer
"lo buse"	dit heers

Hierdie beskrywings verlaag die waarde van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Al die nodige gegewens word in die konteks weergegee, met die gevolg dat die buitetaalse gegewens 'n ondergeskikte rol in die vorming en interpretasie van dié beeldspraak speel.

6. Situasia

Die situasie speel 'n ondergeskikte rol in die vorming en interpretasie van hierdie beeldspraak.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak beklemtoon die bedreiging wat die dood vir die mens inhou.

"Leru la lošo le tla nako nngwe fela "

(Die wolk van die dood kom net eenkeer). Hierdie aanhaling onderstreep die finaliteit van die dood.

E. Funksie

Die vrees wat die mens vir die dood koester, word in hierdie voorbeeld gekonsentreer (vergelyk tabel 6 p 103).

E. Evaluering

Hierdie beeldspraak kan as goed bestempel word, omdat:

- (i) die tenor "lošo" en die fokus "leru" semanties en sintakties ver van mekaar verwyder is;
- (ii) die stimulus in menslike emosie geleë is;
- (iii) die parallelisme is in 'n handeling geleë, maar dit word so eksplisiet weergegee dat die waarde van die beeldspraak daardeur verlaag word;
- (iv) die konsentreringsfunksie verhoog die waarde van die beeldspraak (vergelyk tabel 6 op p 103).

3.3.4. FROMINENTE KENMERKE

3.3.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Die beeldspraak en die eienskappe daarvan is in tabel 6 op p 103. saamgevat.

3.3.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semantiek

1. Stimulus

In hierdie gedig het al die beeldspraak emosie as stimulus.

Woord of met vertaling	Tenor en Fokus	Konteks Situasie of situasie gegee	Matrys										toeloo- skryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	lokasie						
-a nyera moko (ek versag die song)	verskuil	motho	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel stoflik lewend menslik ding	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed	
	-nyera verbind met H		+	-	+	+	-	-	-	+	-							
le-farse la ntšhofala (die wêreld versag toe)	verskuil	lofo	-	-	-	-	-	+	+	-	-	konkreet temporeel stoflik voorwerp menslik dierlik ding	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed	
	lefatshe		+	+	+	-	-	-	-	+	-							
leitlho la me la benya jaska raledi (my oog blik toe seus hester)	leitlho naledi		+	+	+	+	+	+	+	+	+	lewend menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	versiering	swa	
songwe sa seba pelong khubiso ya me (iets fluister toe in my rooi hart)	songwe seba		+	+	-	-	-	+	-	-	-	menslik	emosie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	verduideliking	redelik	
leru la lofo (die wolk van die dood)	lofo leru		-	-	-	-	-	+	+	-	-	konkreet stoflik voorwerp menslik dierlik ding	emosie	handeling	natuur	konsentring	goed	
			+	+	+	-	-	-	-	+	-							
ga le phatsime (dit blink nie)	verskuil	leru	+	+	+	-	-	-	-	+	-	temporeel	emosie	menskap	natuur	verduideliking	redelik	
	-phatsima verbind met H		+	+	+	-	-	-	-	+	-							
ga le dume (dit dreun nie)	verskuil	leru	+	+	+	-	-	-	-	+	-	stoflik temporeel lewend menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed	
	-duma verbind met H		+	+	+	+	+	+	+	+	-							
lo rena (dit regner)	verskuil	lofo	-	-	-	-	-	-	-	-	-	konkreet temporeel stoflik voorwerp lewend menslik dierlik ding	emosie	handeling	kultuur en lewensbe- skouing	verduideliking	goed	
	-rena verbind met H		+	+	+	+	+	+	+	+	-							
no phupung ké mma (in die graf is ek grond)	verskuil	motho	+	+	+	+	+	+	+	+	+	temporeel lewend menslik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	redelik	
	mma		+	+	+	-	-	-	-	-	-							

Omdat die gehalte van die beeldspraak wisselend is, kan afgelei word dat die stimuli slegs een van 'n aantal faktore is wat die gehalte van beeldspraak beïnvloed (vergelyk tabel 6 op p 103).

Die stimulus skep slegs die moontlikheid vir die ontstaan van ongrammatikale sinne. Die stimulus moet deur ander semantiese aspekte gestut word om die kloof wat deur die sintaktiese seleksiereëls geskep is, te oorbrug.

2. Parallelisme

Die parallelisme is daardie semantiese aspek binne die semantiese veld van die tenor en fokus wat die oorbrugging van die sintaktiese seleksiereëloorskryding moontlik maak.

In agt van die voorbeelde van beeldspraak, is die parallelisme in 'n handeling en in een in 'n eienskap geleë. Daar is geen patroon gevind oor watter invloed die parallelisme op die gehalte van die beeldspraak het nie (vergelyk tabel 6 p 103).

3. Origo

Die origo van die fokus is in sewe gevalle aan die natuur en in twee aan die kultuur en lewensbeskouing ontleen. Die origo van die fokus is slegs een van die faktore wat die gehalte van die beeldspraak beïnvloed (vergelyk tabel 6 op p 103).

4. Konteks

Die konteks waarin die uiting voorkom, het 'n invloed op die gehalte daarvan. Die digter omskryf die parallelisme so volledig dat dit die waarde van die beeldspraak verlaag (vergelyk 3.3.3.1 D4 p 97, 3.3.3.2. D4 p 98 en 3.3.3.3. D4 p 100).

Die konteks het die volgende invloed op die vorming van beeldspraak:

- (i) die tenor en fokus word hierin gevind;
- (ii) die versteekte tenor word hierin gevind;
- (iii) die stimuli wat tot die vorming van beeldspraak lei, kan uit die konteks afgelei word;
- (iv) die parallelisme wat tussen die tenor en die fokus ontstaan, word in die konteks gevorm;
- (v) dit aktiveer daardie semantiese aspekte wat die oorbrugging van die sintaktiese seleksiereëloorskryding moontlik maak.

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet bewus wees van die dood en die gevolge daarvan om die beeldspraak te kan interpreteer. Die buitetaalse gegewens is aanvullend tot die konteks maar ondergeskik daaraan.

6. Situasië

Die verteller is in rou gedompel na die dood van 'n vriend. Die buitetaalse gegewens is aanvullend tot die konteks maar ondergeskik daaraan. Met hierdie feite in gedagte is dit duidelik dat die situasie slegs 'n aanvullende rol speel in die vorming en interpretasie van beeldspraak.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur is die kulminasie van alle sintaktiese en semantiese aspekte wat 'n rol speel in die vorming van beeldspraak. Dit sluit die volgende in:

- (i) die tenor en fokus van die beeldspraak;
- (ii) die sintaktiese seleksiereëlorskryding binne die TGG;
- (iii) die stimulus wat tot die vorming van beeldspraak lei;
- (iv) die semantiese aspekte in die tenor en fokus wat die figuurlike parallelisme vorm;
- (v) die mediator en komparatief en die rol wat hulle vervul in die vorming van beeldspraak;
- (vi) die origo van die fokus;
- (vii) die konteks waarin die beeldspraak gebruik word;
- (viii) die volle semantiese veld van die tenor, fokus en parallelisme wat met die vorming van beeldspraak gemoeid is;
- (ix) die volle semantiese veld van die gedig;
- (x) die buitetaalse gegewens en situasie wat 'n rol speel in die vorming van beeldspraak;
- (xi) dit sluit die logiese en psigologiese betekenis van al die woorde, woordgroepe en sinne in die gedig in.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die begripstruktuur die sleutel tot die interpretasie van beeldspraak is. Die begripstruktuur moet eers uitgepluis word, voordat die funksies van die beeldspraak bepaal kan word.

B. Funksie

Nadat die begripstruktuur van elke individuele voorbeeld van beeldspraak bestudeer is, is bevind dat sewe voorbeelde verduideliking, een konsentrering en een versiering as primêre funksie het (vergelyk tabel 6 op p 103).

C. Evaluering

Die beeldspraak kan eers geëvalueer word nadat die begripstruktuur en funksies bestudeer is. In 'LOŠO' het die konteks 'n negatiewe uitwerking op die gehalte van die beeldspraak, omdat die parallelisme dikwels te eksplisiet weergegee word (vergelyk tabel 6 op p 103). Die gedig "LOŠO" bevestig die tema van die bundel, omdat die vriend in die graf "sefalana" weggelê word, terwyl die herinneringe aan hom alleen oorgebly het.

3.4.0. BOSIELA / WEESHEID

3.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Die dood tref oud en jonk. Volwassenes word dikwels deur onafhanklike kinders oorleef. In hierdie gedig word die lot van die weeskinders geskets.

Die gedig bestaan uit ses strofes wat elk vier versreëls bevat.

In die eerste strofe vertel die digter dat die weeskinders verag word en dat hulle onwelkom is.

Volgens die tweede strofe moet alle mense eendag sterf.

In die derde strofe word die weeskinders met ontydige reën en dubbeltjies vergelyk. 'n Mens moet bly wees oor die reën, maar dit rig tog skade aan. Almal wil plante op die veld hê, maar die dubbeltjies steek in die mense se voete. Hierdeur word geïmpliseer dat die weeskinders eintlik die samelewing benadeel.

Die weeskinders word in die vierde strofe met 'n otter wat hoenders, fisante en tarentale vang, vergelyk. Hierdeur word geïmpliseer dat die weeskinders vir baie misdade verantwoordelik gehou word.

In die vyfde strofe word die weeskind met 'n stukkende kombers vergelyk. 'n Mens gooi 'n stukkende kombers weg. Dit impliseer dat die weeskinders 'n oorlas is.

Hy sluit in die sesde strofe af met die vrees waaronder die weeskinders voortdurend leef.

Die logiese betekenis van die gedig slaan op die smarte wat weeskinders ly. Hulle ly honger en ontvang slegs die oorskiet.

Volgens die psigologiese betekenis word die weeskind deur die mense geduld, maar hy word met 'n otter wat die hoenders van sy beskermheer steel vergelyk.

3.4.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

VOORBEELD

VERTALING

1. "Ledimo"

Letterlike vertaling: mensvreter

2. "ke mosetlho o sa rwalelweng le ditlhako"

Letterlike vertaling: Dit is 'n duwweltjie
wat nie in die skoene gedra word nie.
Vrye vertaling: niemand wil die weeskind
hê nie.

B. Tenor, fokus en komparatief

VOORBEELD

VERTALING

1. "bosielā ke pula ya kgogolamoko"

Letterlike vertaling: weesheid/weeskinders
is soos 'n ontydige reën
Vrye vertaling: kinders is 'n seën, maar
wese is nie welkom nie.

2. "bosielā ruri ke leselāmotlhaka"

Letterlike vertaling: weesheid/weeskinders
is regtig 'n otter.
Vrye vertaling: weeskinders moet steel om
aan die lewe te bly.

3. "ke bo latlha jaaka mkgatha wa kobo"

Letterlike vertaling: ek gooi dit weg soos
'n flenter van 'n kombers
Vrye vertaling: die weeskinders word
verwerp

C. Tenor en fokus

1. "ledimo le jang batho"

Letterlike vertaling: die mensvreter wat
mense eet
Vrye vertaling: alle mense sterf

3.4.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

3.4.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Ledimo"

Letterlike vertaling: Mensvreter

Vrye vertaling: Die dood

A. Funksionele raamwerk

ledimo

fokus

Die tenor "lošo" is in die konteks verskuil, terwyl "ledimo" die fokus vorm.

B. Strukturele raamwerk

Ledimo → naamwoord

→ onderwerp (van die sin waarin dit voorkom)

C. TG raamwerk

N → a

Bykomend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items. Die tenor "lošo" het die volgende inherente kenmerke [-konkreet] ; [-stoflik] ; [-voorwerp] ; [-lewend] ; [-ding] en [-goddelik] , terwyl die fokus "ledimo" [+konkreet] ; [+stoflik] ; [+voorwerp] ; [+lewend] ; [+ding] en [+goddelik] het.

Die reëloorskryding binne die TGG word deur die volgende inherente kenmerke verteenwoordig: voorwerp; lewend; ding en goddelik.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus vir die ontstaan van die beeldspraak is aan die menslike emosie ontleen (vergeelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme is 'n handeling (vergeelyk p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus (ledimo) word uit die kultuur en lewensbeskouing ontleen (vergeelyk p 25-27). "Ledimo" boesem vrees by die mense in.

4. Konteks

In hierdie gedig is dit duidelik dat die tenor in die konteks verskuil is. Die titel van die gedig "Bosiela" gee reeds 'n aanduiding dat hier van die dood sprake is.

5. Buitetaalse gegewens

Die leser is bewus van die gevolge wat die dood van die ouers op die lewens van die kinders het. Hierdie gegewens word ook binne die konteks van die gedig herhaal.

6. Situasi

Die lewe van die weeskind is baie moeilik. Hy word geduld
maar is nie welkom nie. Hierdie situasie word eksplisiet
deur die konteks van die gedig geskets.

7. Begripstructuur

Die dood van die ouers het die kind se lewe onherroeplik verander. Die begripstruktuur slaan op die finaliteit van die toestand waarin die weeskind hom bevind.

E. Funktion

Die beeldspraak het 'n verrykingsfunksie.

F. Evaluering

Die beeldspraak word as baie goed beskryf, omdat

- (i) die tenor en fokus semanties ver van mekaar verwyder is;
- (ii) dit 'n verrykkingsfunksie het.

3.4.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Bosiela ruri ke leselamotlhaka"

Letterlike vertaling: Weesheid/weeskind is regtig 'n otter

Vrye vertaling: Weeskinders moet steel om te lewe.

A. Funktionele raamwerk

Bosiela	ruri ke	leselamotlhaka
tenor	raam	fokus

"Bosiela" is die tenor, "ruri ke" is die raam en

"leselamotlhaka" is die fokus.

B. Strukturele raamwerk

S $\longrightarrow$ naamwoord + bywoord + kopulatiewe betrekkingwoord
+ naamwoord

→ onderwerp + deskriptiewe bepaling + identifiserende
kopulatiewe gesegde

C. TG raamwerk

S	————>	N+N+B+N
	————>	a+m+c
	————>	a+b

Aanvullend tot die seleksiekenmerke moet die inherente kenmerke ook bestudeer word. Die tenor "bosiela" het [+temporeel] en [+menslik] en die fokus "leselamotlhaka" het [-temporeel] en [-menslik] as inherente eienskappe. Die reëloorskryding binne die TGG is dus in die temporele en menslike inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale eienskappe gesetel.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender is diep ontroer oor die lot van die wese. Hierdie ontroering word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme word deur die diefstal wat die otter en wese pleeg, opgesluit. Diefstal word as 'n handeling geklassifiseer (vergelyk p 24-25 en tabel 7 op p 112).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die otter ontleen. Die otter is 'n deel van die geskape werklikheid en word onder die natuur beskryf (vergelyk : 25-27 en tabel 7 op p 112).

4. Konteks

Binne die konteks van die gedig word die weeskind met verskillende dinge vergelyk. Die tenor en fokus is in hierdie voorbeeld ver van mekaar geleë (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die sender en ontvanger moet albei vertrouwd wees met die vermoë van die otter om pluimvee te vang.

6. Situasia

Die weeskind kry op stoflike en geestelike gebied baie swaar.

7. Begripstruktuur

As 'n kind se ouers gesterf het, kan hy nie die smarte van 'n weeskind gespaar word nie (vergelyk p 37).

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het 'n verduidelikingsfunksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak, omdat

- (i) die tenor en fokus semanties ver verwyder is
- (ii) die begripstruktuur die smarte van die weeskind goed aandui (vergelyk p 38 en 45 en tabel 7 op p 112).

3.4.4. PROMINENTE KENMERKE

3.4.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Vergelyk tabel 7 op p 112.

3.4.2.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In al ses die gevalle is die stimulus van die beeldspraak 'n menslike emosie (vergelyk p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme word in al ses die gevalle deur 'n handeling gevorm (vergelyk p 24-25 en 51).

3. Origo

Die origo is in 66,7% van die gevalle uit die natuur en in 33,3% uit die kultuur en lewensbeskouing geneem.

4. Konteks

Die konteks versterk die beeldspraak wat deur die stimulus, parallelisme en origo geskep is. In hierdie voorbeeld verhoog dit die waarde van die beeldspraak (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die kennis van die lot van die weeskind dra by tot die vorming en interpretasie van die beeldspraak (vergelyk p 53).

6. Situasia

Die weeskind is deur die Batswana versorg, maar hy is nie regtig in die gesinsverband opgeneem nie.

Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situasie Buitetaalse gegewens	Matrys										Reëlloor= skryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	godelik	lokatief					
ledimo (mensvreter)	erskuil	lošo	-	-	-	-	+	+	-	-	-	-	konkreet stoflik voorwerp lewend ding godelik	emosie	handeling	natuur	verryking	baie goed
	ledimo		+	-	+	+	-	-	+	-	-	+	-					
ledimo le jang batho (die mensvreter wat mense eet)	ledimo		+	-	+	+	-	-	+	-	-	+	lewend menslik dierlik ding godelik	emosie	handeling	kultuur en lewens= beskouing	konsentrering	goed
	ja verbind met N		+	-	+	+	-	-	-	+	+	-	-					
bosiela ke pula ya Agogulanoko (weeskinders is soos 'n ontydige reën)	bosiela		+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	voorwerp versameling lewend menslik ding	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed
	pula		+	+	+	+	+	-	-	-	+	-	ding voorwerp mens versameling lewend	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed
ke mesetlho o sa rwalelweng le ditlhako (Dit is 'n duweltjie wat nie in skoen gedra word nie)	verskuil	bosiela	+	+	+	-	+	+	-	-	-	-	temporeel stoflik voorwerp menslik ding	emosie	handeling	natuur	konsentrering	goed
	mesetlho		+	-	+	+	-	+	-	-	+	-	-					
bosiela ruri ke leselamotihaka (weeskinders is regtig 'n otter)	bosiela		+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	temporeel menslik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	goed
	leselamotihaka		+	-	+	+	-	+	-	-	-	-	-					
ke bo, latlha jaaka makgatha wa kobo (Ek gooi dit weg soos 'n flenter van 'n kombers)	verskuil	bosiela	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	temporeel voorwerp lewend menslik ding	emosie	handeling	kultuur	verduideliking	goed
	kobo		+	-	+	+	-	-	-	-	+	-	-					

7. Begripstruktuur

Die lyding van die weeskind spreek uit die hele gedig
(vergelyk p 54).

B. Funksie

Die funksie van die beeldspraak in die gedig is so verdeel:

Konsentrering	2	33,3%
Verryking	1	16,7%
Verduideliking	3	50,0%

Vergelyk p 54 en tabel 8 op p 114.

C. Evaluering

Die beeldspraak wat 'n verrykingsfunksie kan as baie goed getipeer word, terwyl die res slegs voorbeelde van goeie beeldspraak is.

Die lewe van die weeskind wat in die titel genoem word, is in die konteks van die gedig omlyn (vergelyk p 55 en tabel 8 p 114).

3.5.0. BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Hierdie gedigte bevat almal beeldspraak.

BOTSOFE handel oor die ouderdom, LOŠO oor die dood en BOSIFLA oor weeskinders.

3.5.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 8 op p 114.

3.5.2. BESPREKING VAN DIE TABEL

A. Funksionele en strukturele raamwerk

In al die gevalle is die tenor 'n naamwoord.

In 66,7% van die gevalle is die fokus 'n naamwoord, terwyl dit in die res 'n werkwoord is.

B. TG raamwerk

Die sintaktiese reëloorskryding is eweredig oor die matrys versprei.

Die enigste inherente kenmerk wat nie oorskry word nie, is lokatief.

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die belangrikste stimulus in die groep is emosie 90,5%

(vergelyk p 80 en tabel 8 p 114).

OPSOMMING VAN DIE BEELDSPRAAK IN GEDIGTE WAT OOK DIE OUDERDOM EN DOOD HANDEL									
BOISOF		LOKO		BOSIELA		TOTAAL			
%		%		%		%			
71,4	15	66,7	4	66,7	6	83,3	5	verskuil	Tenor
28,6	6	33,3	2	33,3	3	16,7	1	teenwoordig	
100	21	100	6	100	9	100	6	[N]	
								[V]	
66,7	14	83,3	5	55,6	5	66,7	4	[N]	Fokus
33,3	7	16,7	1	44,4	4	33,3	2	[V]	
7,6	6	3,3	1	9,1	2	10,7	3	konkreet	Reëlorskryding binne TGG
11,3	9	10,0	3	18,2	4	7,1	2	temporeel	
11,3	9	13,3	4	13,6	3	7,1	2	stoflik	
11,3	9	13,3	4	9,1	2	10,7	3	voorwerp	
3,8	3	3,3	1	9,1		7,1	2	versameling	
15,2	12	13,3	4	13,6	3	17,9	5	lewend	
19,0	14	16,7	5	18,2	4	21,4	6	menslik	
5,1	4	3,3	1	9,1	1	7,1	2	dierlik	
12,7	10	16,7	5	9,1	2	10,7	3	ding	
2,5	2	6,7	2					goddelik	
								lokatief	
90,5	19	100	6	100	9	66,7	4	waarneming	Stimulus
9,2	2					33,3	2	eienskap	
85,7	18	100	6	88,9	8	66,7	4	emosie	Parallel-
14,3	3			11,1	1	33,3	2	handeling	
								eienskap	Origo
								waarneming	
								emosie	Funksie
								natuur	
66,7	14	66,7	4	77,8	7	50,0	3	kultuur en	Evaluering
33,3	7	33,3	2	22,2	2	50,0	3	lewensbeskouing	
								emosie	
								eienskap	
19,0	4	33,3	2			33,3	2	konsentrering	
9,5	2	16,7	1	11,1	1			verryking	
56,7	14	50,0	3	77,8	7	66,7	4	verduideliking	
4,8	1			11,1	1			versiering	
4,8	1	16,7	1					baie goed	
66,7	14	83,3	5	55,6	5	66,7	4	goed	
23,8	5			33,3	3	33,3	2	redelik	
4,8	1			11,1	1			swak	
								baie swak	

TABEL 8

2. Parallelisme

In 85,7% van die voorbeelde van die beeldspraak in hierdie groep is die parallelisme 'n handeling (vergelyk p 80 en tabel 8 p 114).

3. Origo

Die origo van die fokus is in 66,7% aan die natuur en 33,3% aan die kultuur en lewensbeskouing ontleen (vergelyk p 81 en tabel 8 p 114).

4. Konteks

Die konteks van die gedig verhoog die gehalte van die beeldspraak in 'BOTSOFE' en 'BOSIELA', maar in 'LOŠO' verlaag dit die gehalte (vergelyk p 81).

5. Buitetaalse gegewens

In 'BOTSOFE' en 'BOSIELA' speel die buitetaalse gegewens 'n belangrike rol naas die konteks in die skep en interpretasie van beeldspraak.

6. Situasië

In 'BOTSOFE' en 'BOSIELA' word die situasie naas die konteks en buitetaalse gegewens gebruik om goeie beeldspraak te skep.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur dra in 'BOTSOFE' en 'BOSIELA' die boodskap van die sender goed oor. Verskillende aspekte speel 'n rol in die vorming van beeldspraak (vergelyk p 82).

D. Funksie

Die funksie van die beeldspraak in die groep gedigte is só verdeel:

Konsentrering	4	19,0%
Verryking	2	9,5%
Verduideliking	14	66,7%
Versiering	1	4,8%

E. Evaluering

Die gehalte van die beeldspraak in die groep is só verdeel:

Baie goed	1	4,8%
Goed	14	66,7%
Redelik	5	23,8%
Swak	1	4,8%

Hieruit kan afgelei word dat die groep gedigte goed is en op die semantiese vlak slaag. By verdere ontleding blyk dit dat 'LOŠO' die swakste van die drie gedigte is (tabel 8 p 114 en p 83).